Mev Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys

Mnr Enver Surty,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan-van-Aksie en moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.

Al die aktiwiteite in die werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat die leerders dit gaan geniet om deur die boeke te werk terwyl hulle leer en groei en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.

ISBN: 978-1-4315-0223-3

Rainbow WORKBOOKS

MATHEMATICS IN AFRIKAANS
GRADE 8 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-4315-0223-3

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

1 2 3 4

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Fifth edition 2015

Author team: Blom, L., Lotter, D., Aitchison J.J.W.

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 8 Boek 1

ISBN 978-1-4315-0223-3

Hersien volgens die KABV

Graad 8

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WISKUNDE IN AFRIKAANS

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

Inhoud

No.	Titel	Bl.
R1	Doen berekeninge	ii
R2	Veelvoude en faktore	iv
R3a	Eksponente	vi
R3b	Eksponente (vervolg)	viii
R4	Heelgetalle	x
R5a	Gewone breuke	xii
R5b	Gewone breuke (vervolg)	xiv
R6a	Persentasies en desimale breuke	xvi
R6b	Persentasies en desimale breuke (vervolg)	xviii
R7	Inset en uitset	xx
R8a	Algebraïese uitdrukkings en vergelykings	xxii
R8b	Algebraïese uitdrukkings en vergelykings (vervolg)	xxiv
R9	Grafieke	xxvi
R10	Finansiële wiskunde	xxviii
R11a	Meetkundige figure	xxx
R11b	Meetkundige figure (vervolg)	xxxii
R12	Transformasies	xxxiv
R13	Meetkunde	xxxvi
R14	Omtrek en oppervlakte	xxxviii
R15a	Volume en oppervlakte	xl
R15b	Volume en oppervlakte (vervolg)	xlii
R16a	Data	xliv
R16b	Data (vervolg)	xlvi
1	Telgetal, natuurlike getalle en heelgetalle	2
2a	Kommutatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe	4
2b	Kommutatiewe, assosiatiewe en distributiewe eienskappe (vervolg)	6
3	Faktore, priemfaktore en faktorisering	8
4	Veelvoude en die kleinste gemene veelvoud	10
5	Grootste gemene deler en kleinste gemene veelvoud van drie-syfergetalle	12
6	Finansies – profyt, verlies en afslag	14
7	Finansies – begroting	16
8	Finansies – lenings en rente	18
9	Finansies – huurkoop	20
10	Finansies – wisselkoerse	22
11	Getallerye met heelgetalle	24
12	Berekeninge met veelvoudige bewerkings	26
13	Eienskappe van getalle en heelgetalle	28
14	Kwadraatgetalle, derdemagte en nog eksponente	30
15	Kwadraatgetalle en vierkantswortels	32
16	Verteenwoordig vierkantswortels	34
17	Derdemagte en wortels	36
18	Stel derdemagswortels voor	38
19	Wetenskaplike notasie	40
20	Wet van eksponente: $x^m \times x^n = x^{m+n}$	42
21	Wet van eksponente: $x^m \div x^n = x^{m-n}$	44
22	Nog wette van eksponente: $(x^m)^n = x^{mn}$	46
23	Wette van eksponente: $(x^0) = 1$	48
24	Berekeninge met eksponente	50
25	Berekeninge met veelvoudige bewerkinge (vierkante en derdemagte, vierkants- en derdemagswortels)	52
26	Nog berekeninge met esponente	54
27a	Numeriese patrone	56
27b	Numeriese patrone (vervolg)	58
28	Inset- en uitsetwaardes	60
29a	Algebraïese woordeskat	62
29b	Algebraïese woordeskat (vervolg)	64
30	Soortgelyke terme: heelgetalle	66
31	Soortgelyke terme: heelgetalle	68
32	Skryf van getallesinne	70
33	Stel algebraïese vergelykings op	72
34	Optellingsinverse en omgekeerde	74
35	Balanseer die vergelyking	76
36a	Vervanging	78
36b	Vervanging (vervolg)	80
37	Algebraïese vergelyking	82
38	Probleemoplossing	84
39	Deel monome, binome en trinome deur heelgetalle of monome	86
40	Vereenvoudig algebraïese uitdrukkings	88
41	Bereken die kwadraatgetalle en vierkantswortels van enkel algebraïese terme	90
42	Veelvoudige bewerkings: rasionale getalle	92
43	Nog veelvoudige bewerkings	94
44	Deelbewerkings	96
45a	Maak geometriese figure	98
45b	Maak geometriese figure (vervolg)	100
46	Maak met 'n gradeboog	102
47	Parallelle en loodregte lyne	104
48a	Maak hoeke en 'n driehoek	106
48b	Maak hoeke en 'n driehoek (vervolg)	108
49	Die som van die binnehoeke van enige driehoek is gelyk aan 180°	110
50a	Maak vierhoeke	112
50b	Maak vierhoeke (vervolg)	114
51	Maak poligone	116
52	Poligone	118
53	Meer van poligone	120
54	Soortgelyke driehoeke	122
55a	Kongruente driehoeke	124
55b	Kongruente driehoeke (vervolg)	126
56	Soortgelyke-driehoekprobleme	128
57	Vierhoeke, driehoeke en hoeke	130
58	Poligone en vierhoeke	132
59	Diagonale	134
60a	Vierhoeke, hoeke en diagramme	136
60b	Vierhoeke, hoeke en diagramme (vervolg)	138
61	Parallelle en loodregte lyne	140
62	Hoekpare	142
63	Probleme	144
64	Raaiselpret met geometriese figure	146

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
2	4	6	8	10	12	14	16	18	20	22	24	26	28	30	32	34	36	38	40
3	6	9	12	15	18	21	24	27	30	33	36	39	42	45	48	51	54	57	60
4	8	12	16	20	24	28	32	36	40	44	48	52	56	60	64	68	72	76	80
5	10	15	20	25	30	35	40	45	50	55	60	65	70	75	80	85	90	95	100
6	12	18	24	30	36	42	48	54	60	66	72	78	84	90	96	102	108	114	120
7	14	21	28	35	42	49	56	63	70	77	84	91	98	105	112	119	126	133	140
8	16	24	32	40	48	56	64	72	80	88	96	104	112	120	128	136	144	152	160
9	18	27	36	45	54	63	72	81	90	99	108	117	126	135	144	153	162	171	180
10	20	30	40	50	60	70	80	90	100	110	120	130	140	150	160	170	180	190	200
11	22	33	44	55	66	77	88	99	110	121	132	143	154	165	176	187	198	209	220
12	24	36	48	60	72	84	96	108	120	132	144	156	168	180	192	204	216	228	240
13	26	39	52	65	78	91	104	117	130	143	156	169	182	195	208	221	234	247	260
14	28	42	56	70	84	98	112	126	140	154	168	182	196	210	224	238	252	266	280
15	30	45	60	75	90	105	120	135	150	165	180	195	210	225	240	255	270	285	300
16	32	48	64	80	96	112	128	144	160	176	192	208	224	240	256	272	288	304	320
17	34	51	68	85	102	119	136	153	170	187	204	221	238	255	272	289	306	323	340
18	36	54	72	90	108	126	144	162	180	198	216	234	252	270	288	306	324	342	360
19	38	57	76	95	114	133	152	171	190	209	228	247	266	285	304	323	342	361	380
20	40	60	80	100	120	140	160	180	200	220	240	260	280	300	320	340	360	380	400

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30 31 32 33 34 35 36 37 38 39

Hersien die volgende:

Sonder om die hoeke te meet, wat kan die moontlike hoeke wees? Werk in pare om 'n moontlike antwoord te kry.



1. Los op die volgende:

a. As A, B en C drie hoeke op 'n reguit lyn is, met ∠A = 55°, ∠B = 75°, wat is die grootte van ∠C? Maak en benoem dit.

b. As A, B en C die hoeke van 'n driehoek is, met ∠A = 90° en ∠B = 35°, wat is die grootte van ∠C? Maak en benoem dit.

c. As A, B, C en D die hoeke van 'n vierhoek is, met ∠A = 150°, ∠B = 30° en ∠C = 150°, wat is die grootte van ∠D? Maak en benoem dit.

d. As A, B en C drie hoeke op 'n reguit lyn is, met ∠A = 24°, ∠B = 49°, wat is die grootte van ∠C? Maak en benoem dit.

e. As A, B en C die hoeke van 'n driehoeke is, met ∠A = 40° en ∠B = 64°, wat is die grootte van ∠C? Maak en benoem dit.

f. As A, B, C en D die hoeke van 'n vierkant is, met ∠A = 99°, ∠B = 48° en ∠C = 72°, wat is die grootte van ∠D? Maak en benoem dit.

Probleemoplossing

In watter beroep sal 'n mens hoeke moet bereken? Gee 'n voorbeeld van so 'n persoon en sê hoekom die persoon hoeke moet bereken.

Raaiselpret met geometriese figure

Warm op! Hoe vinnig kan jy die volgende oplos?

Hoe speel mens Suduko?

	6						1	
			6	5	1			
1		7				6		2
6	2		3		5		9	4
		3				2		
4	8		9		7		3	6
9		6				4		8
			7	9	4			
	5						7	

Hoeveel vierkante is in 'n Suduko-raaisel. Dink mooi.

	6		7		8		4	
		8	9		5	3		
		1				8		
3			5	6	9			8
2								9
5			2	4	7			3
		4				7		
		2	8		3	1		
	5		4		6		8	

Identifiseer parallelle lyne op die Suduko-raaisel.

	6						1	
			6	5	1			
1		7				6		2
6	2		3		5		9	4
		3				2		
4	8		9		7		3	6
9		6				4		8
			7	9	4			
	5						7	

1. Identifiseer die name van ses vierhoeke, drie soorte hoeke en drie soorte driehoeke.

T	G	P	B	C	S	B	E	J	M	E	E	M	E	J
R	S	U	B	M	O	H	R	N	S	L	A	A	R	D
A	W	E	S	V	P	T	R	U	E	R	B	V	A	T
P	D	N	T	E	K	R	T	I	G	L	F	M	U	C
E	A	C	U	T	E	B	E	O	G	N	A	P	Q	L
Z	C	D	X	C	O	N	L	C	A	H	J	C	S	Y
I	U	G	U	J	I	E	E	R	T	H	T	N	S	I
U	E	Q	U	I	L	A	T	E	R	A	L	D	S	B
M	I	A	X	L	D	A	E	Y	W	R	N	O	W	D
U	U	M	A	K	W	D	M	G	B	J	S	G	P	R
T	S	R	N	I	I	T	A	Q	W	C	Q	B	L	W
J	A	U	T	T	N	T	D	V	E	I	M	O	U	E
P	W	U	B	E	B	A	V	L	W	G	W	D	W	Z
T	K	J	Q	Q	R	B	E	L	R	I	E	D	Y	V
X	H	Q	L	F	K	S	K	B	S	Y	V	T	W	V

2. Voltooi die blokkiesraaisel.



Dwars

1. 'n Hoek kleiner as negentig grade.
2. Lyne wat altyd dieselfde afstand uitmekaar is en nooit kruis nie.
5. 'n Meetkundige figuur met ses sye.
7. 'n Hoek van negentig grade.
8. 'n Meetkundige figuur met vier sye.
9. 'n Reguit lyn binne-in 'n vorm wat van een hoekpunt na die ander gaan, maar nie na die kant toe nie.
10. 'n Driehoek met twee gelyke sye.

Af

1. 'n Hoek groter as negentig grade.
3. Lyne wat regte hoeke (90°) teenoor mekaar is.
4. 'n Lyn wat parallelle lyne kruis.
6. 'n Poligoon met die minste sye.

Raaisel

Kry 'n paar blokkiesraaisels in 'n koerant en vul dit in saam met 'n familielid.



Rainbow WORKBOOKS

Graad 8

wiskunde

AFRIKAANS

Boek 1

1. Hersiening Werkblaaie: R1 tot R16
   Sleutelkonsepte van Graad 7
2. Werkblaaie: 1 tot 64

Boek 2

3. Werkblaaie: 65 tot 144

Naam:

Die struktuur van ‘n werkblad

Werkblad nommer
(Hersiening R1 tot R16, Gewone 1 tot 148)

Werkblad titel

Tema inleiding
(Teks en prentjies om jou te help om te dink oor en om die tema van die werkblad te bespreek.)

Kwartaal aanwyser
(Daar is veertig werkblaaie per kwartaal.)

Vrae

Kleur kode vir inhoud area

Inhoud	Kantlyn kleur
Hersiening	Pers
Nommer	Turkoois
Patrone en funksies (algebra)	Elektriese blou
Spasie en vorms (meetkunde)	Oranje
Meting	Groen
Data hantering	Rooi

Taal kleur kode:
Afrikaans (Rooi), Engels (Blou)



Voorbeeld raam (in geel)

Pret / uitdaging / probleem oplos aktiwiteit
(Dit is die einde van ‘n werkblad aktiwiteit wat prettige of uitdagende aktiwiteite kan insluit wat ook met ouers of broers en susters by die huis gedeel kan word.)

Onderwyser assessering beoordeling, handtekening en datum

Rainbow WORKBOOKS

Graad 8

wiskunde

DEEL 1

Hersiening

Sleutelkonsepte van Graad 7

WERKBLAAIE R1 tot R16

AFRIKAANS

Boek 1

Naam:

R1 Doen berekeninge

Om probleme op te los moet ons weet dat ons verskillende woorde vir optelling, aftrekking, vermenigvuldiging en deling kan gebruik. Dink aan 'n paar daarvan.

+	−	×	÷

Let daarop dat hierdie 16 werksblaaie hersieningsaktiwiteite is.

1. Bereken:

a. 27 835 + 32 132 = _____

b. 45 371 + 12 625 = _____

c. 51 832 + 32 749 = _____

2. Bereken:

a. 457 834 − 325 613 = _____

b. 788 569 − 123 479 = _____

c. 384 789 − 325 894 = _____

3. Bereken:

a. 14 815 × 38 = _____

b. 29 783 × 24 = _____

c. 38 765 × 36 = _____

4. Bereken:

a. 22 ⟌ 36842

b. 63 ⟌ 96431

c. 45 ⟌ 76593

Wat is rekenkunde?

Rekenkunde is die oudste en mees basiese deel van wiskunde.

Dit het te make met die eienskappe van getalle en die hantering van getalle en hoeveelheid.

Dit word deur byna almal gebruik vir sowel eenvoudige as komplekse take, van eenvoudige alledaagse opteltake tot ingewikkelde sake – en wetenskaplike berekeninge.

In algemene gebruik, verwys rekenkunde na die basiese reëls vir die bewerkings optel, aftrek, vermenigvuldig en deel met getal kleiner waardes.

5. Gee 'n voorbeeld van elk van hierdie eienskappe van getalle:

Kommutatief: Beteken dat wanneer jy getalle optel of vermenigvuldig jy die volgorde kan verander en omruil en steeds dieselfde antwoord sal kry.

_____

Assosiatief: Beteken dat wanneer jy optel of vermenigvuldig dit nie saak maak hoe jy die getalle wat jy optel groepeer nie.

_____

6. Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking waar te maak.

Voorbeeld: $4 + 6 =$
$4 + 6 = 6 + 4$
want $4 + 6 = 10$
en $6 + 4 = 10$

a. $3 + 4 =$

b. $8 + 4 =$

7. Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te maak.

Voorbeeld: $a + b = \square$
$a + b = b + a$

a. $c + d =$

b. $f + g =$

8. Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te maak.

Voorbeeld: $2 \times 3 = \square$
$2 \times 3 = 3 \times 2$
want $2 \times 3 = 6$
en $3 \times 2 = 6$

a. $4 \times 5 =$

b. $7 \times 9 =$

9. Gebruik die kommutatiewe eienskap om die vergelyking gelyk te maak.

Voorbeeld: $a \times b = \square$
$a \times b = b \times a$
$ab = ab$

a. $x \times c =$

b. $m \times n =$

10. Gebruik nul as die identiteit van optel, of een as die identiteit van vermenigvuldig om die volgende op te los:

a. $a \times 1 =$

b. $b \times __ = b$

c. $e + 0 =$

Probleemoplossing

Verander die vraag na 'n getallesin of los dit op.

Wat moet ek by 'n getal voeg sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?

Waarmee moet ek 'n getal vermenigvuldig sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?

As $a \times (b + c) = (a \times b) + (a \times c)$, en $a = -3$, $b = -5$ en $c = -2$, vervang en los die vergelyking op.

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R2 Veelvoude en faktore

Wat het ons voorheen geleer?

'n Veelvoud is 'n getal wat gevorm word deur 'n getal en 'n heelgetal met mekaar te vermenigvuldig.
Bv. 3 × 4 = 12. Dus is 12 'n veelvoud van 3. Die veelvoude van 3 is: 3, 6, 9, …

KGV staan vir kleinste gemene veelvoud.

'n Faktor is 'n getal wat presies in 'n ander getal in verdeel, bv. 3 en 4 is faktore van 12. Al die faktore (al die getalle wat presies kan verdeel in) van 12 is 1, 2, 3, 4, 6, 12.

GGF staan vir grootse gemene faktor.

1. Wat is die eerste 5 veelvoude van: **Voorbeeld: Veelvoude van** 3: 3, 6, 9, 12, 15

a. 5 _____ b. 11 _____ c. 8 _____

d. 10 _____ e. 25 _____ f. 50 _____

2. Skryf die eerste 12 veelvoude en omkring al die gemene veelvoude van elk van die volgende paar getalle en identifiseer ook die kleinste gemene veelvoud (KGV).

Voorbeeld: Veelvoude van 4: {4, 8, 12, 16, 20, 24, 28, 32, 36, 40, 44, 48}.
Veelvoude van 5: {5, 10, 15, 20, 25, 30, 35, 40, 45, 50, 55, 60}
Die kleinste gemene veelvoud is 20.

a. Veelvoude van 2: {_____}
Veelvoude van 3: {_____}
KGV: _____

b. Veelvoude van 8: {_____}
Veelvoude van 7: {_____}
KGV: _____

c. Veelvoude van 9: {_____}
Veelvoude van 10:{_____}
KGV: _____

d. Veelvoude van 12:{_____}
Veelvoude van 13:{_____}
KGV: _____

3. Wat is die faktore van: **Voorbeeld:** Die faktore van12: 1, 2, 3, 4, 6 en 12

a. 15 _____ b. 64 _____ c. 24 _____

d. 72 _____ e. 80 _____ f. 45 _____

4. Wat is die gemene faktore en die grootste gemene faktor (GGF) vir hierdie getalle?

Voorbeeld: Faktore van 12 is 1, 2, 3, 4, 6, 12
Faktore van 18 is 1, 2, 3, 6, 9, 18
Die gemene faktore is: 1, 2, 3, 6 en die GGF = 6

a. Faktore van 8: {_____}
Faktore van 7: {_____}
GGF: _____

b. Faktore van 14: {_____}
Faktore van 12: {_____}
GGF: _____

c. Faktore van 9: {_____}
Faktore van 18: {_____}
GGF: _____

d. Faktore van 11: {_____}
Faktore van 10: {_____}
GGF: _____

e. Faktore van 15: {_____}
Faktore van 6: {_____}
GGF: _____

f. Faktore van 9: {_____}
Faktore van 8: {_____}
GGF: _____

5. Verduidelik die volgende in jou eie woorde:

a. Veelvoude _____

b. Faktore _____

6. Hoe om veelvoude en faktore in wiskunde te gebruik is 'n baie belangrike vaardigheid. Hier is 'n paar stellings. Verduidelik elke stelling en gee jou eie voorbeelde.

Dit help om groot getalle in kleiner getalle op te breek as jy gevra word om 'n breuk te vereenvoudig.

Soms wil ek kontroleer of die resultate van my berekening sin maak. Ek gebruik dan faktore en veelvoude om die getalle tot hul eenvoudigste vorm te reduseer en kry dan 'n benaderde antwoord.

Probleemoplossing

Gee al die priemgetalle van 0 tot 100.

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R3a Eksponente

Watter kwadraatgetal en vierkantswortel verteenwoordig die diagram?

$3 \times 3 = 9$, dus is 3 die vierkantswortel van 9. Ons skryf dit so: $\sqrt{9} = 3$. Diagram b.

a.



b.



c.



Die konsepte vierkantswortel en derdemagswortel is die voorvereiste vir baie ander wiskundekonsepte. Kan jy aan 'n paar dink?

Wat is 'n derdemagswortel? Watter diagram sal dit wees?

$3 \times 3 \times 3 = 27$, dus is 3 die derdemagswortel van 27. Ons skryf dit so: $\sqrt[3]{27} = 3$. Diagram c.

a.

b.



c.



d.



In hierdie aktiwiteit hersien ons al die basiese konsepte wat jy in Graad 8 moet ken.

Jy kan hierdie aktiwiteit by die huis voltooi.

1. Skryf die volgende in eksponentiële vorm:

Voorbeeld: $13 \times 13 = 13^2$ a. $2 \times 2 =$ _____ b. $7 \times 7 =$ _____

2. Skryf die volgende as 'n vermenigvuldigingsin:

Voorbeeld: $15^2 = 15 \times 15$ a. $12^2 =$ _____ b. $7^2 =$ _____

3. Identifiseer die volgende: a. Die grondtal. b. die eksponent. 3^2

_____

4. Skryf die volgende in eksponentiële vorm:

Voorbeeld: $6 \times 6 \times 6 = 6^3$ a. $3 \times 3 \times 3 =$ _____ b. $2 \times 2 \times 2 =$ _____

5. Skryf die volgende as vermenigvuldigsomme:

Voorbeeld: $6^3 = 6 \times 6 \times 6$ a. $2^3 =$ _____ b. $4^3 =$ _____

6. Bereken die antwoorde:

Voorbeeld: $5^2 + 3^2 = 25 + 9 = 34$ a. $2^2 + 10^2 =$ _____ b. $6^2 - 3^2 =$ _____

7. Bereken die antwoorde:

Voorbeeld: $5^2 + 3^3 = 25 + 27 = 52$

a. $6^3 - 5^2 =$

b. $2^2 + 3^3 =$

8. Bereken die derdemagswortel:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{27}$
$= \sqrt[3]{3 \times 3 \times 3}$
$= 3$

a. $\sqrt[3]{8}$

b. $\sqrt[3]{64}$

9. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt{16} + \sqrt{25}$
$= 4 + 5$
$= 9$

a. $\sqrt{9} + \sqrt{16} =$

b. $\sqrt{100} + \sqrt{81} =$

10. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{64} + \sqrt[3]{27}$
$= 4 - 3$
$= 1$

a. $\sqrt[3]{216} + \sqrt[3]{27} =$

b. $\sqrt[3]{27} - \sqrt[3]{8} =$

11. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{125} + \sqrt{16}$
$= 5 + 4$
$= 9$

a. $\sqrt{25} + \sqrt[3]{8} =$

b. $\sqrt{25} - \sqrt[3]{27} =$

12. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{27} + 3^2 - \sqrt{25}$
$= 3 + 9 - 5$
$= 7$

a. $\sqrt[3]{216} + 4^2 - \sqrt{16} =$

b. $9^2 - \sqrt[3]{27} + \sqrt{4} =$

13. Bereken die volgende so vinnig as moontlik:

Voorbeeld: $10 \times 10 \times 10 \times 10 = 10\,000$

a. $10 \times 10 =$ _____

b. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

Teken:

Datum:

vervolg ☛

R3b Eksponente vervolg

Jy kan jou antwoorde nagaan deur 'n wetenskaplike sakrekenaar te gebruik.



14. Voltooi die tabel:

Som	Eksponensiële formaat	Antwoord
a. 10×10	10^2	100
b. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10$		

15. Bereken:

Voorbeeld: $10^4 + 10^3$
$= 10\,000 + 1\,000$
$= 11\,000$

a. $10^3 + 10^2 =$

b. $10^4 + 10^6 =$

16. Bereken:

Voorbeeld: $4 + 10^3$
$= 4 + 1\,000$
$= 1\,004$

a. $5 + 10^4 =$

b. $10^5 \times 9 =$

17. Bereken:

Voorbeeld: $2 \times 10^4 + 3 \times 10^5$
$= 2 \times 10\,000 + 3 \times 100\,000$
$= (2 \times 10\,000) + (3 \times 100\,000)$
$= 20\,000 + 300\,000$
$= 320\,000$

a. $3 \times 10^3 + 4 \times 10^4 =$

b. $8 \times 10^4 + 3 \times 10^2 =$

18. Bereken:

Voorbeeld: $2 \times 10^4 + 3 \times 10^3 + 4 \times 10^5$
$= 2 \times 10\,000 + 3 \times 1\,000 + 4 \times 100\,000$
$= (2 \times 10\,000) + (3 \times 1\,000) + (4 \times 100\,000)$
$= 20\,000 + 3\,000 + 400\,000$
$= 423\,000$

a. $1 \times 10^2 + 8 \times 10^5 + 3 \times 10^6 =$

19. Bereken:

Voorbeeld: $2^2 + 2^3 = 4 + 8 = 12$

a. $2^2 + 12^2 =$

b. $4^2 + 10^2 =$

20. Bereken:

Voorbeeld: $2^2 + 3^3 + 4^2 = 4 + 27 + 16 = 47$

a. $2^2 + 4^3 + 3^2 =$ _____

21. Hoe vinnig kan jy die volgende bereken?

a. $4^2 =$ _____ b. 6^2 _____

22. Bereken:

Voorbeeld: $(12 - 9)^3$
$= (3)^3$
$= 27$

a. $(8 - 4)^3 =$ b. $(7 + 1)^2 =$

23. Brei die getallesin uit en gebruik jou sakrekenaar om die antwoord te bereken.

Voorbeeld: 18^4
$= 18 \times 18 \times 18 \times 18$
$= 104\,976$

a. 22^3 b. 81^2

24. Brei die getallesin uit:

Voorbeeld: m^4
$= m \times m \times m \times m$

a. x^5 b. 7^7

Probleemoplossing

Tel die kleinste kwadraatgetal en die kleinste derdemag wat groter as 100 is.

Skryf al die tweesyfer-vierkantsgetalle neer. Skryf al die driesyfer-derdemagsgetalle neer.

Skryf een biljoen in eksponensiale notasie.

Teken:

Datum:

R4 Heelgetalle

Wat is 'n heelgetal?
Heelgetalle is die versameling positiewe en negatiewe natuurlike getalle (insluitend nul). 'n Getallelyn kan gebruik word om die versameling heelgetalle voor te stel.



Positiewe heelgetalle
Natuurlike getalle groter as nul word positiewe heelgetalle genoem. Hierdie getalle is regs van nul op die getallelyn.

Negatiewe heelgetalle
Heelgetalle kleiner as nul word negatiewe heelgetalle genoem. Hierdie getalle is links van nul op die getallelyn.

Nul
Die heelgetal nul is neutraal. Dit is nie positief of negatief nie.

Die teken
Die teken van 'n heelgetal is óf positief (+)óf negatief (–), behalwe nul, wat nie 'n teken het nie. Twee heelgetalle is teenoorgesteldes van mekaar indien hul dieselfde afstand van nul is, maar aan verskillende kante van die getallelyn. Die een sal 'n positiewe teken hê en die ander 'n negatiewe teken. Op die getallelyn hieronder is +2 en –2 as teenoorgesteldes omkring.



1. Voltooi die getallelyne.

a. 

b. 

2. Skryf 'n heelgetal om elke beskrywing voor te stel.

a. 8 ene regs van –3 op 'n getallelyn. _____
b. 16 regs van nul. _____
c. 14 ene regs van –2 op 'n getallelyn. _____
d. Die teenoorgestelde van –108. _____
e. 15 links van nul. _____

3. Plaas die heelgetalle in volgorde van kleinste tot grootste.

a. –41, 54, –31, –79, 57 _____
b. 43, –54, 44, –55, –37, 22, 52, –39, –43, –56, 18 _____

4. Bereken die volgende: Gebruik die getallelyn om jou te lei.

Voorbeeld: –4 + 2 = –2



a. –5 + 5 + = _____ b. 10 – 12 = _____

5. Bereken die volgende:

Voorbeeld: –2 + 3 – 5 = –4



a. –6 + 8 – 7 = _____ b. 9 – 11 + 2 = _____

6. Voltooi die volgende:

a. Bepaal –8 + (–3) b. Bepaal 3 + (–16)

7. Skryf 'n totaal vir:

a.



b.



8. Bereken die volgende:

a. 4 + (–5) = b. 5 + (–7) = c. –5 + (–7) =

9. Bereken die volgende:

a. 2 – (–4) = b. 3 – (–6) = c. 5 – (–6) =

10. Bereken die volgende:

Voorbeeld: 11 + –23
= 11 – 23
= –12

a. 33 + (–44) = b. 5 + (–43) = c. –15 + (–20) =

11. Bereken die volgende:

Voorbeeld: –14 – (–20)
= –14 + 20
= 6

a. –16 – 22 = b. 49 – (–19) = c. 47 – (–10) =

12. Los die volgende op:

a. _____ + 24 = –11 b. _____ + 10 = 33 c. _____ + 49 = 18

Probleemoplossing

Temperatuur is 'n lekker manier om positiewe en negatiewe heelgetalle te verduidelik. Verduidelik heelgetalle aan jou familie deur temperatuur te gebruik.

Teken:

Datum:

R5a Gewone breuke

Kyk na hierdie voorbeelde en gee nog vyf voorbeelde van elk.

Egte breuk $\frac{3}{4}$

Onegte breuk $\frac{8}{3}$

Gemengde getal $1\frac{1}{2}$

'n Onegte breuk word 'n gemengde getal

$\frac{8}{3} = 2\frac{2}{3}$

'n Gemengde getal word 'n ongegte breuk

$1\frac{1}{4} = \frac{5}{4}$

1. Watter ander breuk is gelyk aan: Teken 'n diagram om dit te wys.

Voorbeeld: $\frac{1}{3} = \frac{2}{6}$



a. $\frac{1}{2}$ = _____

b. $\frac{1}{7}$ = _____

2. Skryf die volgende of vorige ekwivalente breuk vir:

Voorbeeld: $\frac{1}{3} = \frac{2}{6}$



a. _____ $= \frac{2}{5}$

b. _____ $= \frac{8}{10}$

3. Skryf drie ekwivalente breuke vir: Maak 'n skets.

Voorbeeld: $1\frac{1}{3} = 1\frac{2}{6} = 1\frac{3}{9} = 1\frac{4}{12}$



a. $1\frac{1}{2}$ _____

b. $3\frac{2}{5}$ _____

Wat het met die noemers en tellers gebeur? Begin altyd met die gegewe getal.

$1 + \left[\frac{1}{3} \begin{matrix} \times 2 \\ \times 2 \end{matrix}\right] = 1\frac{2}{6}$

$1 + \left[\frac{1}{3} \begin{matrix} \times 3 \\ \times 3 \end{matrix}\right] = 1\frac{3}{9}$

$1 + \left[\frac{1}{3} \begin{matrix} \times 4 \\ \times 4 \end{matrix}\right] = 1\frac{4}{12}$

4. Wat is die grootste gemene faktor?

Voorbeeld:

Grootste gemene faktor (GGF)

Faktore van 4 = {1, 2, 4}

Faktore van 6 = {1, 2, 3, 6}

GGF = 2

Dus is 2 die grootste getal wat in 4 en 6 kan deel.

a. Faktore van 3:
Faktore van 4:

b. Faktore van 5:
Faktore van 10:

5. Skryf in die eenvoudigste vorm.

Voorbeeld: $\frac{12}{16}$

$= \frac{12}{16} \div \frac{4}{4}$

$= \frac{3}{4}$

GGF:
Faktore van 12: {1, 2, 3, 4, 6, 12}
Faktore van 16: {1, 2, 4, 8, 16}

a. $\frac{6}{18}$

b. $\frac{5}{25}$

6. Tel die twee breuke op, skryf dit as 'n gemengde getal en vereenvoudig indien nodig.

Voorbeeld: $\frac{1}{3} + \frac{4}{3}$

$= \frac{5}{3}$

$= 1\frac{2}{3}$

Onthou wanneer ons breuke optel moet die noemers dieselfde wees.

a. $\frac{2}{5} + \frac{4}{5}$

b. $\frac{5}{9} + \frac{6}{9}$

7. Bereken en vereenvoudig indien nodig.

Voorbeeld: $\frac{1 \times 2}{2 \times 2} + \frac{1}{4}$

$= \frac{2}{4} + \frac{1}{4}$

$= \frac{3}{4}$

Onthou wanneer ons breuke optel moet die noemers dieselfde wees.

Om dit te doen, kan ons die KGV (Kleinste gemene veelvoud) kry.

Veelvoude van 2 = { 2, 4, 6, 8, ...}
Veelvoude van 4 = {4, 8,12, 16, ...}

... of in hierdie geval is die noemers veelvoude van mekaar.

2 is 'n veelvoud van 4. **Kyk aan die linkerkant hoe ons dit doen.**

a. $\frac{1}{4} + \frac{1}{2} =$

b. $\frac{1}{5} + \frac{1}{10} =$

Teken:

Datum:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R5b Gewone breuke vervolg

8. Tel die twee breuke op. Vermenigvuldig die twee breuke.

Voorbeeld: $\frac{1}{2}, \frac{1}{3}$

Optelling

$\frac{1}{2} + \frac{1}{3}$

KGV = 6

$\frac{3}{6} + \frac{2}{6}$

$= \frac{5}{6}$

Vermenigvuldiging

$\frac{1}{2} \times \frac{1}{3}$

$= \frac{1}{6}$

Ek sien dat wanneer ek eenheidsbreuke vermenigvuldig, word die antwoord kleiner, maar wanneer ek positiewe heelgetalle vermenigvuldig word die getal groter.

Dit is waar. Dink daaraan, as jy 'n sespak-vrugtesap met 2 vermenigvuldig, kry jy 12. Maar as jy die helfte ($\frac{1}{2}$) van die sespak ($\frac{6}{1}$) neem is dit 3.

a. $\frac{1}{2}, \frac{1}{12} =$

b. $\frac{1}{2}, \frac{1}{11} =$

9. Bereken:

Voorbeeld: $\frac{1}{2} \times \frac{1}{3} \times \frac{1}{4}$

$= \frac{1}{24}$

a. $\frac{1}{3} \times \frac{1}{5} \times \frac{1}{2} =$

b. $\frac{1}{2} \times \frac{1}{5} \times \frac{1}{9} =$

10. Bereken en vereenvoudig:

Voorbeeld 1: $\frac{6}{7} \times \frac{5}{7}$

$= \frac{30}{49}$

Voorbeeld 2: $\frac{6}{7} \times \frac{5}{6}$

$= \frac{30}{42} \div \frac{6}{6} = \frac{5}{7}$

a. $\frac{7}{8} \times \frac{2}{4} =$

11. Skryf verskillende somme neer wat hierdie antwoorde sal gee. Gee almal. Noem watter breuke jy met mekaar vermenigvuldig.

Voorbeeld: ____ × ____ = $\frac{12}{18}$

$\frac{3}{3} = 1$

$\frac{3}{3} \times \frac{4}{6} = \frac{12}{18}$

'n Natuurlike getal × 'n egte breuk.

$\frac{2}{6} \times \frac{6}{3} = \frac{12}{18}$

'n Egte breuk × 'n onegte breuk.

a. ____ × ____ = $\frac{2}{4}$

b. ____ × ____ = $\frac{8}{4}$

12. Bereken en vereenvoudig:

Voorbeeld: $8 \times \frac{1}{4}$

$= \frac{8}{1} \times \frac{1}{4}$

$= \frac{8}{4}$

$= \frac{8}{4} \div \frac{4}{4} = \frac{2}{2} = 2$

$= \frac{8}{4}$

$= 8 \div 4$

$= 2$

a. $2 \times \frac{3}{5} =$

b. $4 \times \frac{5}{6} =$

13. Watter natuurlike getal en breuk sal vir jou die volgende antwoord gee?

Voorbeeld: ____ × ____ = $\frac{2}{3}$

$\frac{2}{1} \times \frac{1}{3}$

$= 2 \times \frac{1}{3}$

a. ____ × ____ = $\frac{7}{21}$

14. Vereenvoudig die volgende:

Voorbeeld: $\frac{15}{20}$

$= \frac{15}{20} \div \frac{5}{5}$

$= \frac{3}{4}$

a. $\frac{4}{12}$

b. $\frac{8}{16}$

15. Vermenigvuldig en vereenvoudig die antwoord indien moontlik.

Voorbeeld: $\frac{1}{3} \times \frac{3}{4}$

$\frac{3}{12} = \frac{3}{12} \div \frac{3}{3}$

$= \frac{1}{4}$

a. $\frac{1}{2} \times \frac{4}{8} =$

b. $\frac{1}{2} \times \frac{2}{7} =$

Probleemoplossing

Noem vyf breuke wat tussen een vyfde en vier vyfdes is.

Wat is $\frac{1}{8} + \frac{3}{8}$ in sy eenvoudigste vorm?

Wat is $\frac{3}{9} \times \frac{3}{4}$ in sy eenvoudigste vorm?

Kan twee eenheidsbreuke jou 'n eenheidsbreuk gee as jy:
- dit optel?
- dit vermenigvuldig?

As die antwoord $\frac{42}{72}$ is, watter twee breuke is met mekaar vermenigvuldig?

As ____ (natuurlike getal) × ____ (breuk) = $\frac{24}{36}$, hoeveel moontlike oplossings is daar vir hierdie som?

Vermenigvuldig enige twee onegte breuke en vereenvoudig jou antwoord indien nodig.

Teken:

Datum:

R6a Persentasies en desimale breuke

Kyk na die volgende. Wat beteken dit?



$$\frac{47}{100} = 0{,}47 = 47\%$$

Waar in die daaglikse lewe gebruik ons:

- Desimale breuke?
- Persentasies?

1. Skryf die volgende persentasie as 'n breuk en 'n desimale breuk.

Voorbeeld: 18% of $\frac{18}{100}$ of 0,18

a. 37%

b. 83%

2. Bereken

Voorbeeld: 40% van R40

$= \frac{40}{100} \times \frac{R40}{1}$

$= \frac{R1600}{100}$

= R16

a. 20% van R24

b. 70% van R15

3. Bereken

Voorbeeld:

$\frac{60}{100} \times \frac{R300}{1}$

$= \frac{3}{5} \times \frac{R300}{1}$

$= \frac{R900}{5}$

= R180

Ek kan 60% as $\frac{60}{100}$ skryf.

$\frac{60}{100}$ vereenvoudig is $\frac{6}{10} = \frac{3}{5}$

Jy kan 'n sakrekenaar gebruik.

a. 80% van R1,60

b. 24% van R72

4. Bereken die persentasie *vermeerdering*:

Voorbeeld:
Bereken die persentasie vermeerdering as 'n buskaartjie se prys van R60 na R84 vermeerder word.

$\frac{24}{60} \times \frac{100}{1}\%$

$= \frac{2400}{60}\%$

= 40

∴ 'n vermerdering van 40%

Ons moet eers weet met hoeveel die buskaartjie vermeerder is. Dit is vermeerder met R24 omdat R84 minus R60, R24 is.

Die prys is vermeerder met R24 en die oorspronklike prys was R60. Dus is die breuk van die prys verhoging van die oorspronklike prys $\frac{24}{60}$.

Om dan die persentasie-vermeerdering uit te werk moet ons $\frac{24}{60}$ met 100 vermenigvuldig.

a. R80 tot R96

Prysvermeerdering: _____

5. Bereken die persentasie *afname*.

Voorbeeld:
Bereken die persentasie afname as die prys van brandstof van 20 sent 'n liter tot 18 sent daal. Die bedrag van die afname is 2 sent.

$\frac{2}{20} \times \frac{100}{1}\%$

$= \frac{200}{20}\%$

= 10

∴ 'n afname van 10%

Ons moet eers sê met hoeveel die brandstofprys gedaal het.

Dit het met 2c gedaal omdat 18c + 2c jou 20c gee.

Om dan die **persentasie afname** te bereken moet ons $\frac{2}{20}$ met 100 (persentasie) vermenigvuldig.

Die prys het gedaal met $\frac{2}{20}$.

b. R50 van R46

Prysafname: _____

6. Skryf die volgende in uitgebreide notasie:

Voorbeeld: 6,745
= 6 + 0,7 + 0,04 + 0,005

a. 3,983 _____ b. 8,478 _____

7. Skryf die volgende in woorde:

Voorbeeld: 5,854
= 5 ene + 8 tiendes + 5 honderdstes + 4 duisendstes

Wat is die verskil tussen 5 ene en 5 honderdstes?

a. 9,764 _____

b. 7,372 _____

8. Skryf die waarde van die onderstreepte syfer neer:

Voorbeeld: 9,6<u>9</u>4
= 0,09 of 9 honderdstes

a. 8,<u>3</u>78 _____ b. 4,3<u>2</u> _____

9. Skryf as 'n desimale breuk:

Voorbeeld: $\frac{40}{100}$
= 0,4

a. $\frac{6}{10}$ [ ] b. $\frac{7}{10}$ [ ]

Teken:

Datum:

vervolg ☛

R6b

Persentasies en desimale breuke
vervolg

10. Skryf as 'n desimale breuk:

Voorbeeld: $\frac{73}{100}$ = 0,73

a. $\frac{45}{100}$ _____ b. $\frac{76}{100}$ _____

11. Skryf as 'n desimale breuk:

Voorbeeld: $\frac{85}{10}$ = 8,5

a. $\frac{36}{10}$ _____ b. $\frac{6\,705}{100}$ _____

12. Skryf as 'n gewone breuk:

Voorbeeld: 4,3 $\frac{43}{10}$

a. 9,5 _____ b. 15,15 _____

13. Skryf die volgende as 'n desimale breuk.

Voorbeeld: $\frac{2}{5} = \frac{4}{10} = 0{,}4$

$\frac{1}{25} = \frac{4}{100} = 0{,}04$

a. $\frac{1}{5}$ _____ b. $\frac{1}{4}$ _____

Benaderingsimbool is ≈.

14. Rond af tot die naaste ene:

Voorbeeld: 6,7 ≈ 7



a. 5,1 _____

b. 14,8 _____

15. Rond af tot die naaste tiende:

Voorbeeld: 3,7<u>4</u>5 ≈ 3,7



a. 6,14 _____

b. 3,578 _____

16. Bereken deur albei metodes in die voorbeeld te gebruik.

Voorbeeld:

Metode 1: 2,37 + 4,53

= (2 + 4) + (0,3 + 0,5) + (0,07 + 0,03)

= 6 + 0,8 + 0,1

= 6,9

Metode 2:

$$\begin{array}{r} 2{,}37 \\ +\ 4{,}53 \\ \hline 6{,}90 \end{array}$$

Maak seker dat die desimale kommas onder mekaar is.

Let daarop dat 6,9 en 6,90 dieselfde is.

a. 6,89 + 3,67 =

b. 4,694 + 3,578 =

Jy kan jou antwoord toets deur die omgekeerde bewerking van optel, naamlik aftrek te gebruik.

17. Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.

Voorbeeld 1:

- 0,2 × 0,3 = 0,06
- 0,02 × 0,3 = 0,006
- 0,002 × 0,3 = 0,0006

Sien jy die patroon? Beskryf dit.

a. 0,4 × 0,2 = _____

b. 0,3 × 0,1 = _____

18. Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.

Voorbeeld 1: 0,3 × 0,2 × 100
= 0,06 × 100
= 6

Voorbeeld 2: 0,3 × 0,2 × 10
= 0,06 × 10
= 0,6

a. 0,4 × 0,2 × 10 =

b. 0,5 × 0,02 × 10 =

19. Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.

Voorbeeld 1: 5,276 × 30
= (5 × 30) + (0,2 × 30) + (0,07 × 30) + (0,006 × 30)
= 150 + 6 + 2,1 + 0,18
= 150 + 6 + 2 + 0,1 + 0,1 + 0,08
= 158 + 0,2 + 0,08
= 158,28

a. 1,123 × 10 =

b. 4,886 × 30 =

20. Bereken die volgende:

Voorbeeld: 0,4 ÷ 2
= 0,2

0,2 afgerond tot die naaste natuurlike getal is 0.



a. 0,8 ÷ 4 = _____

b. 0,6 ÷ 3 = _____

21. Bereken die volgende:

Voorbeeld: 0,25 ÷ 5
= 0,05

0,05 afgerond tot die naaste tiende is 0,1.



a. 0,81 ÷ 9 = _____

b. 0,85 ÷ 5 = _____

Probleemoplossing

Vermenigvuldig die getal wat presies tussen 2,25 en 2,26 is met die getal wat gelyk is aan tien maal drie.

Jy benodig nege gelyk stukke van 'n tou wat 54,9 m lank is. Hoe lank sal elke stuk wees?

My ma het 32,4 m tou gekoop. Sy moet dit in vier dele verdeel. Hoe lank sal elke stuk wees?

Teken:

Datum:

R7 Inset en uitset

Teken die ontbrekende pyltjies in die vloeidiagram en vul die uitsetwaardes in.

Inset		Uitset
2		
4		
7	× 9	
8		
5		
9		

Die reël is × 9.

Gebruik die vloeidiagram aan die linkerkant. Wat sal die uitset wees as die **reël**:

- × 5 is?
- × 7 is?
- × 8 is?
- × 4 is?
- × 12 is?

Hoekom is dit belangrik dat jy jou maaltafels moet ken?

Verduidelik die woorde:

Inset

Uitset

Reël

1. Gebruik die gegewe reël om die waarde van b te bereken.

Voorbeeld:



As $c = 5$

$b = a \times 5$

dus:

- $3 \times 5 = 15$
- $2 \times 5 = 10$
- $5 \times 5 = 25$
- $7 \times 5 = 35$
- $4 \times 5 = 20$



Die reël is _____.

2. Voltooi die vloeidiagramme. Wys al jou berekeninge.

Voorbeeld:



a is die inset,

b is die uitset,

b* = *a × 2 + 4 is die reël.

$b = 4 \times 2 + 4 = 12$

$b = 6 \times 2 + 4 = 16$

$b = 7 \times 2 + 4 = 18$

$b = 8 \times 2 + 4 = 20$

$b = 9 \times 2 + 4 = 22$

a.



Die reël is _____.

b.



Die reël is _____.

3. Voltooi die tabel.

Voorbeeld: $x = y + 2$

y	2	4	6	8	10	20
x	4	6	8	10	12	22

$x = 2 + 2$
$x = 4$

$x = 4 + 2$
$x = 6$

$x = 6 + 2$
$x = 8$

$x = 8 + 2$
$x = 10$

$x = 10 + 2$
$x = 12$

$x = 20 + 2$
$x = 22$

$a = b + 9$

b	1	2	3	4	5	10
a						

4. Los vir m en n op.

Voorbeeld:

x	1	2	3	4		14	m	25
y	6	7	8	9		19	22	n

Bepaal die reël:
Bv. $y = x + 5$

n?
$y = x + 5$
$y = 25 + 5$
$y = 30$
n is 30

m?
$x = m$ en $y = 22$
$y = x + 5$
$22 = m + 5$
$22 - 5 = m + 5 - 5$
$17 = m$
$m = 17$

x	1	2	3	4		25	m	51
y	10	11	12	13		n	39	60

n?

m?

Reël:

Probleemoplossing

Teken 'n vloeidiagram waar $x = y + 9$.

Teken 'n vloeidiagram waar $x = y \times 4 + 8$.

As $x = 2y + 4$ en $y = 2, 3, 4, 5, 6$. Teken 'n tabel om dit te wys.

Wat is die 10de term in die patroon? 2 x 11, 3 x 11, 4 x 11, ...

Teken:

Datum:

R8a Algebraïese uitdrukkings en vergelykings

Hersien die volgende:



Sê of dit 'n uitdrukking of 'n vergelyking is.

$x + 23 = 45$

$x + 23$

1. Sê of dit 'n uitdrukking of 'n vergelyking is.

Voorbeeld: 8 + 3 (Dit is 'n uitdrukking.)
8 + 3 = 11 (Dit is 'n vergelyking.)

a. 9 + 7 = 16 _____

b. 7 + 6 _____

c. 3 + 5 = 8 _____

d. 11 + 2 _____

2. Beskryf die volgende.

Voorbeeld: 6 + 3 = 9
6 + 3 is 'n **uitdrukking**, wat gelyk is aan die waarde aan die regterkant, 9.
6 + 3 = 9 word 'n **vergelyking** genoem. Die linkerkant van 'n vergelyking is gelyk aan die regterkant.

a. 12 + 5 = 17

b. 9 + 8 = 17

3. Beskryf die volgende in woorde.

Voorbeeld: 4, 8, 12, 16, 20, …
Tel 4 by die vorige term.

a. 2, 5, 8, 11 …

b. 11, 20, 29, 38 …

4. Skryf 'n uitdrukking vir die n^{de} term van elke ry neer:

Voorbeeld: 5, 9, 13, 17, 21 … Uitdrukking of reël: $4(n) + 1$

Posisie in ry	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	n
Term	5	9	13	17	21	$4(n) + 1$

a. 6, 11, 16, 21 …

b. 7, 13, 19, 25 …

5. Wat beteken die reël?

Voorbeeld: Die reël $2n - 1$ beteken vir die volgende getallery: 1, 3, 5, 7, 9 …

Posisie in ry	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	n
Term	1	3	5	7	9	

Die reël $6n - 2$ beteken vir die volgende getallery: 4; 10; 16; 22; …

Posisie in ry						
Term						

Teken:

Datum:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

Algebraïese uitdrukkings en vergelykings

vervolg

6. Los x op.

Voorbeeld 1: $x + 5 = 9$

$x + 5 - 5 = 9 - 5$

$x = 4$

a. $x + 18 = 26$

b. $x + 6 = 12$

Voorbeeld 2: $x - 5 = 2$

$x - 5 + 5 = 2 + 5$

$x = 7$

c. $x - 15 = 12$

d. $x - 28 = 13$

Voorbeeld 3: $x + 4 = -7$

$x + 4 - 4 = -7 - 4$

$x = -11$

e. $x + 7 = -12$

f. $x + 24 = -34$

7. Los x op.

Voorbeeld: $5x = 20$

$\frac{5x}{5} = \frac{20}{5}$

$x = 4$

a. $6x = 72$

b. $7x = 84$

8. Los x op.

Voorbeeld: $2x - 1 = 8$

$2x - 1 + 1 = 8 + 1$

$2x = 9$

$\frac{2x}{2} = \frac{9}{2}$

$x = 4\frac{1}{2}$

a. $5x - 6 = 18$

b. $3x + 4 = -5$

9. Vervang.

Voorbeeld: As $y = x^2 + 2$,

bereken y *wanneer* $x = 4$

$y = 4^2 + 2$

$= 16 + 2$

$= 18$

Toets

$y = x^2 + 1$

$18 = 4^2 + 2$

$18 = 16 + 2$

$18 = 18$

a. $y = p^2 + 7$; $p = 8$

b. $y = c^2 + 4$; $c = 8$

Probleemoplossing

Skryf vyf verskillende vergelykings waar x gelyk aan 5 sal wees.

Teken:

Datum:

R9 Grafieke

DEFINISIE

'n Lyngrafiek gebruik punte wat deur lyne verbind is om te toon hoe iets in waarde verander (soos wat tyd verloop, of soos wat iets anders gebeur).



1. Kyk na die grafiek en beantwoord die volgende vrae.

a. Wat is die titel van die grafiek? _____

b. Wat sê die x-as vir ons? _____

c. Wat sê die y-as vir ons? _____

d. Wat sê hierdie grafiek vir ons? _____

e. Wat kan jy by die woord "temperatuur" op die y-as voeg? _____

f. Wat was die temperatuur:

i. Sondag? _____

ii. Maandag? _____

iii. Woensdag? _____

g. Identifiseer die roosterlyne op die grafiek wat jou gehelp het om die vorige vraag te beantwoord? _____

h. Kyk na die temperature op Sondag en Maandag. Wat let jy op?

_____

i. Wat het (met die temparatuur) van Woensdag tot Donderdag gebeur?

_____

2. Kyk na die grafiek en etikiteer dit.

titel | x-as | y-as | punte | roosterlyne



3. Vul die ontbrekende woorde in (lyne, titel, byskrif, vertikale skaal, punte of stippels, horisontale skaal).

a. Die _____ van die grafiek sê vir ons waarmee die grafiek te make het.

b. Die horisontale _____ oor die onderste en die vertikale _____ langs die kant vertel vir ons watter soort feite gelys word.

c. Die _____ oor die onderste en die _____ langs die kant vertel ons hoeveel of wat.

d. Die _____ op die grafiek wys ons die feite.

e. Die _____ wat die punte verbind gee skattings van die waardes tussen die punte.

Probleemoplossing

Soek 'n grafiek in 'n koerant en plot vyf punte op die grafiek.

Teken:

Datum:

R10 Finansiële wiskunde

Kan jy die betekenis van die volgende onthou?

DEFINISIE

Profyt is die surplus wat oorbly nadat totale onkoste van totale inkomste afgetrek.
Verlies is die bedrag waarmee die uitgawes die inkomste oorskry.
Afslag is die bedrag wat afgetrek word van die vraprys voor betaling.

'n **Begroting** is die beraming van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode. 'n Begroting is soos 'n skaal waarop jy jou inkomste en jou uitgawes probeer balanseer.
Belangrik: Jou inkomste moet altyd meer as jou uitgawes wees.

'n **Lening** is 'n bedrag geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of maatskappy leen met die doel om profyt te maak wanneer die geld terugbetaal word.

Rente is die bedrag wat die persoon wat die geld uitleen vra om die geleende geld te gebruik. Dit word gewoonlik uitgedruk as 'n persentasie per jaar van die geleende bedrag, ook genoem die rentekoers.

1. Maak jy 'n wins of ly jy verlies? Hoeveel? Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.

a. Jy koop roomys vir R4,50 elk en verkoop hulle vir R6,00 elk. Jy maak 'n wins/ly verlies van _____ (bedrag) per roomys.

b. Jy het 150 potlode vir R1,00 elk gekoop en hulle vir R1,35 elk verkoop. Jy moes jou ma R60 vir vervoerkoste gee. Jy maak profyt/ly verlies van _____ (bedrag).

Profyt kan deur verskillende metodes bereken word. Normaalweg as ons van 10% profyt praat bereken ons dit op die kosprys. Ons noem dit soms ook 'n 10% winsgrens.

Voorbeeld: As my tennisraket R400 kos en ek wil dit verkoop en 10% wins maak, moet ek dit vir R440 verkoop.

R400 + (R400 × 10%) = R440

2. Beantwoord die volgende vrae oor profyt:

a. Jy koop lekkers teen 80c elk en jy wil 25% profyt maak. Vir hoeveel moet jy hulle verkoop? _____ (bedrag).

b. Jy koop lekkers in groot pakke van 100 vir R25,50 per pak. Jy verkoop die lekkers aan jou vriende teen 50c per lekker. As hulle 10 lekkers of meer op 'n slag koop, gee jy hulle 20% afslag. Tydens die eerste pouse verkoop jy 40 los lekkers en 20 lekkers teen die afslagprys. Wat sal jou profyt wees op die lekkers wat jy verkoop het? _____ (bedrag).

Spandeer minder as wat jy verdien!

Om 'n begroting uit te werk, is een van die belangrikste stappe om jou geld te beheer.
Die eerste reël van 'n begroting is: **Spandeer minder as wat jy verdien**!
Voorbeeld: Indien jy per maand 'n toelaag (sakgeld) van R100 kry en nog R40 vir jou verjaarsdag, kan jy nie meer as R140 daardie maand spandeer nie.

Netto inkomste is wat oorbly nadat al die koste van die totale inkomste afgetrek is. Indien die koste of uitgawes die inkomste oortref, noem ons dit 'n **tekort**.

3. **Hou tred met jou begroting.**
Skryf sleutelwoorde neer wat jy kan gebruik wanneer jy 'n probleem oplos.

1. Hersiening: Los x op.

a. $x + 5 = 13$

b. $x - 8 = 16$

c. $x - 7 = -9$

d. $-2x = 4$

e. $-3x = -6$

f. $3x + 1 = 13$

2. Los die volgende op:

a. Wanneer ses by vier keer 'n getal gevoeg word, is die resultaat 50. Wat is die getal?

b. Die som van 'n getal en nege word met −2 vermenigvuldig en die antwoord is −8. Wat is die getal?

c. Die lengte van 'n reghoekige kaart is 37,5 cm en die omtrek is 125 cm. Bepaal die breedte.

d. Bepaal die oppervlakte van 'n reghoek met 'n lengte van $2x$ cm en 'n breedte van $2x + 1$ cm. Skryf jou antwoord in terme van x.

e. As die oppervlakte van 'n reghoek $(4x^2 - 6x)$ cm² is, en sy breedte $2x$ cm, wat sal sy lengte in terme van x wees?

f. As $y = x^3 + 1$, bereken y wanneer $x = 4$.

g. Thandi is ses jaar ouer as Sophie. Oor drie jaar sal Thandi twee keer ouer wees as Sophie. Hoe oud is Thandie nou?

h. In 'n gegewe hoeveelheid tyd, het mnr Shabalala twee keer so ver gery as mev Shabalala. Altesaam het hulle 180 km gery. Bereken die aantal kilometer wat elk gery het.

Tekere

Datum:

39 Deel monome, binome en trinome deur heelgetalle of monome

Kyk en bespreek:

eksponente

$$2x^4 + x^2 + 6x - 1$$

terme

Monoom (1 term)	$8x^4$
Binoom (2 terme)	$3x^2 + 4$
Trinoom (3 terme)	$4x^2 + x^2 + 3$
Polinoom	$4x^2 - 5xy^2 + y^2 + 2$

1. Vereenvoudig. Toets jou antwoord. (Jy kan enige getal gebruik om mee te toets.)

Voorbeeld: $\frac{x^4}{x^2}$

$= \frac{xxxx}{xx}$

$= x.x$

$= x^2$

Dit is monoom.

Toets deur vervanging: $x = 2$

$\frac{x^4}{x^2}$

$= \frac{2^4}{2^2}$

$= \frac{16}{4}$

$= 4$

x^2

$= (2)^2$

$= 4$

'n Ander metode is om eksponentwette te gebruik:

$\frac{x^4}{x^2} = x^{4-2} = x^2$

a. $\frac{x^2}{x}$

b. $\frac{x^3}{x^2}$

c. $\frac{x^3}{x}$

d. $\frac{4x^2}{2x}$

e. $\frac{6x^3}{2x^2}$

f. $\frac{8x^2}{4x}$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $\frac{x^4 - x^2}{x^2}$

Dit is binoom.

$= \frac{x^4}{x^2} - \frac{x^2}{x^2}$

$= x^2 - 1$

Toets deur vervanging:

$x = 2$

$\frac{x^4 - x^2}{x^2}$

$= \frac{2^4 - 2^2}{2^2}$

$= \frac{16 - 4}{4}$

$= \frac{12}{4}$

$= 3$

$x^2 - 1$

$= (2)^2 - 1$

$= 3$

a. $\frac{x^6 - x^2}{x^2} =$

b. $\frac{x^9 - x^3}{x^3} =$

c. $\frac{x^8 - x^4}{x^4} =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $\frac{x^4 - 6x^2 - 1}{x^2}$

$= \frac{x^4}{x^2} - \frac{6x^2}{x^2} - \frac{1}{x^2}$

$= x^2 - 6 - \frac{1}{x^2}$

Toets deur vervanging:

$x = 2$

$\frac{x^4 - 6x^2 - 1}{x^2}$

$= \frac{2^4 - 6(2)^2 - 1}{2^2}$

$= \frac{16 - 6(4) - 1}{4}$

$= \frac{16 - 24 - 1}{4} = \frac{-9}{4}$

$= -2\frac{1}{4}$

$x^2 - 6 - \frac{1}{x^2}$

$= (2)^2 - 6 - \frac{1}{(2)^2}$

$= 4 - 6 - \frac{1}{4}$

$= -2 - \frac{1}{4}$

$= -2\frac{1}{4}$

a. $\frac{x^4 - 2x^2 - 3}{x^2} =$

b. $\frac{x^6 - 2x^3 - 1}{x^3} =$

c. $\frac{x^8 - 2x^4 - 2}{x^2} =$

Probleemoplossing

Deel 'n polinoom ('n veelvoudigeterm algebraïese uitdrukking) deur 'n monoom. Los dit op.

Tekens

Datum:

40 Vereenvoudig algebraïese uitdrukkings

Kyk na die volgende. Wat let jy op?

$2\,(x + 5)$

2	x	5

$2x + 10$

$2\,(x^2 + 3x + 4)$

2	x^2	$3x$	4

$2x^2 + 6x + 8$

Hoekom word hulle algebraïese uitdrukkings genoem?

1. Hersiening: bereken die volgende deur die distributiewe eienskap te gebruik:

Voorbeeld: $2\,(3 + 4)$
$= 2 \times 3 + 2 \times 4$ of
$= (2 \times 3) + (2 \times 4)$
$= 6 + 8$
$= 14$

Jy kan dit tussen hakies skryf as dit vir jou makliker is.

2	3	4

$6 + 8$

3 en 4 is gelyksoortig, daarom kan ons hul bymekaar tel.

a. $2\,(3 + 6) =$

b. $4\,(8 + 1) =$

c. $6\,(9 + 4) =$

d. $8\,(2 + 3) =$

e. $3\,(5 + 6) =$

f. $10\,(7 + 8) =$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $2\,(x + 5)$
$= (2 \times x) + (2 \times 5)$
$= 2x + 10$

$2\,(x + 5)$
$= 2x + 10$

2	x	5

$2x + 10$
$= 2x\ 10$

x en 5 is nie gelyksoortig nie, daarom kan ons nie $(x + 5)$ vereenvoudig nie.

a. $2\,(x + 4) =$

b. $4\,(x + 7) =$

c. $5\,(x + 2) =$

d. $6\,(3 + x) =$

e. $3\,(6 + x) =$

f. $7\,(x - 9) =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $2\,(x^2 + x + 3)$
$= (2 \times x^2) + (2 \times x) + (2 \times 3)$
$= 2x^2 + 2x + 6$

$2\,(x^2 + x + 3)$
$= 2x^2 + 2x + 6$

2	x^2	x	3

$2x^2 + 2x + 6$

a. $2\,(x^2 + x + 4) =$

b. $4\,(3 + x + x^2) =$

c. $6\,(7 + x + x^2) =$

d. $7\,(2 + x + x^2) =$

e. $3\,(x^2 + x + 3) =$

f. $3\,(5 + x + x^2) =$

Probleemoplossing

Vermenigvuldig enige getal met 'n trinoom (n drieterm algebraïese uitdrukking). Vereenvoudig dit.

Tekens

Datum:

Bereken die kwadraatgetalle en vierkantswortels van enkel algebraïese terme

Hersien: Eksponent wette.

$x^m \times x^n = x^{m+n}$

Dit is baie belangrik om die eksponente wette te leer. Skryf drie wat jy reeds ken neer.

1. Hersiening: vereenvoudig:

Voorbeeld: $x^m \times x^n$
$= x^{m+n}$

a. $x^a \times x^b =$ b. $a^c \times a^d =$ c. $c^e \times c^f =$

d. $m^a \times m^b =$ e. $y^c \times y^a =$ f. $t^x \times t^y =$

2. Hersiening: vereenvoudig:

Voorbeeld: $x^2 \times x^3$
$= x^{2+3}$
$= x^5$

a. $x^4 \times x^3 =$ b. $a^5 \times a^2 =$ c. $b^6 \times b^4 =$

d. $c^3 \times c^2 =$ e. $m^4 \times m^5 =$ f. $x^3 \times x^3 =$

3. Gebruik die voorbeeld om die volgende te voltooi:

Voorbeelde: $4x^6$
$= 2x^3 \times 2x^3$

a. $16x^4 =$ _____ × _____ b. $18x^{10} =$ _____ × _____ c. $64x^4 =$ _____ × _____

d. $15x^8$ e. $60x^6$ f. $44x^{12}$

4. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt{36x^{36}}$
$= \sqrt{6x^{18} \times 6x^{18}}$
$= 6x^{18}$

a. $\sqrt{25x^4}$ b. $\sqrt{49x^9}$

c. $\sqrt{100x^6}$ d. $\sqrt{4x^{12}}$

e. $\sqrt{16x^{18}}$ f. $\sqrt{121x^{22}}$

Probleemoplossing

Skryf vyf verskillende vergelykings neer waar die antwoorde almal gelyk is aan: $x = -9$.

Tekere

Datum:

Veelvoudige bewerkings: rasionale getalle

Doen hierdie aktiwiteit saam met 'n vriend.

Wat let julle op?

$\frac{1}{3}a^2 + \frac{1}{4}a^2 =$ ☐ $\frac{1}{3}a^2 - \frac{1}{4}a^2 =$ ☐

$\frac{1}{3}a^2 \times \frac{1}{4}a^2 =$ ☐ $\frac{1}{3}a^2 \div \frac{1}{4}a^2 =$ ☐

1. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $\left(\frac{1}{2}a^2 + \frac{1}{5}a^2\right) + \left(\frac{1}{2}a^2 \times \frac{1}{2}a^2\right) =$

$= \frac{5a^2 + 2a^2}{10} + \frac{1}{4}a^4$

$= \frac{7a^2}{10} + \frac{a^4}{4}$

Wat is soortgelyke terme?

a. $\left(\frac{1}{8}a^2 + \frac{1}{8}a^2\right) + \left(\frac{2}{8}a^2 \times \frac{1}{8}a^2\right) =$

b. $\left(\frac{1}{5}x^2 + \frac{1}{2}x^2\right) + \left(\frac{1}{5}a^2 + \frac{1}{10}a^2\right) =$

c. $\left(\frac{1}{2}y^2 + \frac{1}{3}y^2\right) + \left(\frac{1}{2}y^2 \times \frac{1}{3}y^2\right) =$

Maak aantekeninge oor wat jy geleer het.

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $\left(\frac{1}{2}a^2 + \frac{1}{4}a^2\right) + (3a^2 + 4a^2) + (3a^2 - 4a^2)$

$= \left(\frac{2}{4}a^2 + \frac{1}{4}a^2\right) + 7a^2 + (-a^2)$

$= \frac{3}{4}a^2 + \frac{6}{1}a^2$

$= \frac{3}{4}a^2 + \frac{24}{4}a^2$

$= \frac{27}{4}a^2$

$= 6\frac{3}{4}a^2$

Jy kan hierdie 2 stappe weglaat. Waarom?

a. $(7a^2 + 2a^2) + \left(\frac{1}{2}a^2 + \frac{1}{4}a^2\right) + (6a^2 - 4a^2) =$

b. $\left(\frac{1}{2}y^2 + \frac{1}{5}y^2\right) + (-9y^2 - 2y^2) - (8y^2 \div 4y^2) =$

c. $\left(\frac{1}{2}x^2 + \frac{1}{2}x^2\right) + (7x^2 \times 2x^2)(-8x^2 - 3x^2) =$

Maak aantekeninge oor wat jy geleer het.

Probleemoplossing

Skryf 'n polinoom deur rasionale getalle, soortgelyke en nie-soortgelyke terme te gebruik. Vereenvoudig dit.

Tekere

Datum:

Nog veelvoudige bewerkings

Doen dit saam met 'n vriend.

$\frac{1}{5}x^2 + \frac{1}{6}x^2 =$ ☐ $\frac{1}{5}x^2 - \frac{1}{6}x^2 =$ ☐

$\frac{1}{5}x^2 \times \frac{1}{6}x^2 =$ ☐ $\frac{1}{5}x^2 \div \frac{1}{6}x^2 =$ ☐

1. Bereken:

Voorbeeld: $2(5 + x - x^2) - x(3x + 1)$

$= 10 + 2x - 2x^2 - 3x^2 - x$

$= -5x^2 + 1x + 10$

$= -5x^2 + x + 10$

Dit sal jou help om die konstante met al die terme te vermenigvuldig. Ons gebruik die distributiewe eienskap.

$2(5 + x - x^2) - x(3x + 1)$

a. $2(x^2 + x + 4) - x(2x + 1) =$

b. $5(x + x^2 + 2) + x(4x + 3) =$

c. $3(x^2 + x + 6) - x(5x + 2) =$

Maak aantekeninge oor wat jy geleer het.

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $\left(\frac{1}{3}a^2 \times \frac{1}{4}a^2\right) + (3a^2 + 4a^2) + a(2a + 4)$

$= \frac{1}{12}a^4 + 7a^2 + 2a^2 + 4a$

$= \frac{1}{12}a^4 + 9a^2 + 4a$

a. $2(x^2 + x + 8) + x(5x + 2) + (9x^2 - 5x) =$

b. $\left(\frac{1}{4}x^2 + \frac{1}{5}x^2\right) - x(-9x^2 - x^2) - 2(x + 2x + 8) =$

c. $(3x^2 + 6x^2) + 3\left(\frac{1}{6}x^2 - \frac{1}{3}x^2\right) + (2x^2 \div 3x^2) =$

d. $5(4x + 3x^2 + 6) - (8x^2 \times 4x^2) + \left(\frac{1}{4}x^2 \times \frac{1}{5}x^2\right) =$

e. $4(6 + 3x + 2x^2) + \left(\frac{1}{9}x^2 \div \frac{1}{5}x^2\right) - x(-5x + 2x) =$

Probleemoplossing

Skryf 'n polinoom deur rasionale getalle en soortgelyke en nie-soortgelyke terme te gebruik. Los dit op.

Tekere

Datum:

Deelbewerkings

Vergelyk die drie blokke.

Wat is dieselfde?

$\frac{x^2(x^2+1)}{x^2}$ $\quad$ $\frac{x^4+x^2}{x^2}$ $\quad$ $\frac{x^4}{x^2}+\frac{x^2}{x^2}$

Is enigeen anders?

1. Hersiening: vereenvoudig:

Voorbeeld: $\frac{x^4-6x^2-1}{x^2}$

$= \frac{x^4}{x^2} - \frac{6x^2}{x^2} - \frac{1}{x^2}$

$= x^2 - 6 - \frac{1}{x^2}$

a. $\frac{x^5+3x^2+2}{x^2}$

b. $\frac{x^4+2x^2-3}{x^3}$

c. $\frac{x^3-4x^2+6}{x^2}$

2. Bereken:

Voorbeeld: $\left(\frac{x^4+6x^2-1}{x^2}\right) + (3x^2+4x^2) + \left(\frac{1}{3}x^2+\frac{1}{3}x^2\right) + 2(5+x-x) + (-x)(3x+1)$

$= x^2 + 6 - \frac{1}{x^2} + 7x^2 + \frac{2}{3}x^2 + 10 - 3x^2 - x$

$= x^2 + 7x^2 - 3x^2 + \frac{2}{3}x^2 + 10 + 6 - \frac{1}{x^2} - x$

$= 5x^2 + \frac{2}{3}x^2 - x + 16 - \frac{1}{x^2}$

$= \frac{15}{3}x^2 + \frac{2}{3}x^2 - x + 16 - \frac{1}{x^2}$

$= \frac{17}{3}x^2 - x + 16 - \frac{1}{x^2}$

$= 5\frac{2}{3}x^2 - x + 16 - \frac{1}{x^2} \quad = 5\frac{2}{3}x^2 - x - \frac{1}{x^2} + 16$

a. $3(7+x-x^2) + 2(3x+1)\left(\frac{1}{2x^2}+\frac{1}{4x^2}\right) + (2x^2-2x^2) =$

b. $\left(\frac{x^5+2x^3+4}{x^3}\right) + 2(4x^2+2x^2) + \left(\frac{x^4-6x^4-2}{x^2}\right) - \left(\frac{1}{3x^2} \div \frac{1}{4x^2}\right) =$

c. $\left(\frac{x^6+4x^2+2}{x^2}\right) + \left(\frac{1}{3x^2} \div \frac{1}{4x^2}\right) - (4x^2+2x^2) - \left(\frac{x^5+x^4}{x^3}\right)$

Probleemoplossing

Skryf 'n polinoom deur rasionale en natuurlike getalle en soortgelyke en nie-soortgelyke terme te gebruik. Vereenvoudig.

Tekere

Datum:

45a Maak geometriese figure

Hersien die volgende.

Stap 1: Trek 'n lyn. Benoem 'n segment AB.  	**Stap 2:** Plaas die gradeboog so dat die oorsprong (klein gaatjie) oor punt A is. Roteer die gradeboog sodat die basislyn presies langs die lyn AB lê.  	**Stap 3:** Gebruik (in hierdie geval) die binneskaal, soek die verlangde hoek – hier 45°. 
Stap 4: Maak 'n merk waar hierdie hoek is, en verwyder die gradeboog.  	**Stap 5:** Gebruik 'n liniaal om 'n lyn te trek van A tot by die merk wat jy nou net gemaak het. Noem hierdie punt C.  	**Stap 6:** Die lyn wat getrek is ('n straal) maak 'n hoek met 'n mate van 45° tussen die twee strale AC en AB. 

1. Benoem en meet die volgende hoeke. Jy sal dalk die lyne moet verleng.

a. Skerphoek: ABC



b. Regtehoek: DEF



c. Stomphoek: ABC



d. Inspringendehoek: XYS



Tekere

Datum:

vervolg ☛

Maak geometriese figure vervolg

e. Skerphoek: GHI

f. Inspringendehoek: KLM

g. Stomphoek: MNO

h. Stomphoek: PQR

i. Regte hoek: GHI

j. Lys al die soorte hoeke. Voltooi en gebruik die eerste een om jou te lei.
'n Skerphoek is kleiner as 90°.

_____

_____

_____

'n Reguit lyn _____

2. Teken die volgende met 'n gradeboog. Benoem jou geometriese figure.

Voorbeeld: 'n 60°-hoek ABC.

Stap 1





Stap 2



In die vrae wat volg kan die straal van die hoek nie die skaal op die gradeboog bereik nie. Gebruik jou liniaal om die straal te verleng om dit makliker te maak om die mate te lees. Die tweede straal op hierdie hoek wys na 45, dus is hierdie 'n 45°-hoek.

a. Regte hoek



'n Hoek van 90°.

b. Skerphoek

c. Inspringendehoek

d. Ongelyksydige driehoek

e. Reghoekige driehoek

f. Gelykbenige driehoek

Probleemoplossing

Hoe sal jy 'n hoek wat groter as 180° is met 'n gradeboog teken?

Onthou dat hoeke dele van 'n sirkel is. Dit sal jou help om die ontwerp van 'n gradeboog te verstaan.

Tekens

Datum:

Maak met 'n gradeboog

Onthou dat indien die straal van 'n hoek nie die skaal op die gradeboog bereik nie, moet jy 'n liniaal gebruik om die straal te verleng sodat mens die mate makliker kan lees.

Meetkunde vereis die gebruik van veelhoeke soos driehoeke en vierhoeke. Jy moet weet hoe om hierdie vorms te maak. Alhoewel sommige van hierdie vorms met 'n kompas en liniaal geskep kan word, is dit dikwels vinniger om 'n gradeboog te gebruik.

Vind uit wie gradeboë in hul werk gebruik.

1. **Gebruik die voorbeeld om jou te lei. Teken 'n driehoek met twee gegewe hoeke. Benoem die soort driehoek.**

Voorbeeld: 'n driehoek waarvan die hoeke 45° en 65° insluit.







a. 90° en 45°

b. 65° en 75°

c. 80° en 45°

d. Skryf stapsgewyse neer wat jy gedoen het.

2. **Gebruik die voorbeeld om jou te lei. Teken 'n vierhoek met die twee hoeke wat gegee is. Benoem dit.**

Onthou dat die hoeke van 'n vierhoek altyd tot by 360° optel.

Voorbeeld: 'n vierhoek waarvan die hoeke 'n 70°-hoek en 'n 80°-hoek insluit.







a. 68° en 118°

b. 135° en 70°

c. 70° en 110°

d. Skryf stapsgewyse neer wat jy gedoen het.

Probleemoplossing

Gebruik 'n gradeboog en teken:
(a) enige poligoon behalwe 'n driehoek (b) 'n vierhoek.

Tekere

Datum:

47 Parallelle en loodregte lyne

Kwartaal 2

Kyk na hierdie struktuur – die Nelson Mandela-brug in Johannesburg. Identifiseer die parallelle lyne, loodregte lyne en lynsegmente.

1. Wie sal 'n passer in hulle werk gebruik? Waarvoor?

2. Hersiening: Pas kolom B by kolom A.

Kolom A	Kolom B
Lynsegment	
Parallelle lyne	
Loodregte lyne	

3. Teken die volgende lynsegmente met 'n liniaal.

5,23 cm

7,55 cm

65,5 mm

23,5 mm

8,95 cm

4. Hersiening: Konstrueer 'n loodregte lyn om 'n gegewe lyn te halveer. Gebruik die riglyne om jou te help.

Stap 1
Trek 'n lyn en merk punte A en B op dit. Sit die passer se punt op A en maak dit oop sodat die potlood aan punt B raak. (Dus is die lengte van AB met 'n passer "gemeet".)



Stap 2
Los die passer se punt op A en maak met die passer 'n boog ongeveer twee derdes van die lyn se lengte.



Stap 3
Met die passer se breedte dieselfde, beweeg die passer punt na B en trek nog 'n boog wat die eerste boog by twee punte kruis. Benoem hierdie punte C en D.



Stap 4
Trek 'n lyn deur punte C en D wat die lyn AB by E halveer.



5. Gebruik 'n gradeboog om lyne loodreg aan hierdie te teken.



Probleemoplossing

Is hierdie lyne parallel of nie? Sê hoekom of hoekom nie.

Tekene

Datum:

48a Maak hoeke en 'n driehoek

Identifiseer die driehoeke en skat die grootte van die hoeke.

1. Konstueer 'n 45°-hoek. Gebruik die riglyne om jou te help.

Stap 1
Volg die stappe om 'n loodregte lyn te trek.



Stap 2
Plaas die passer se punt op C en trek 'n boog met die passer 'n bietjie meer as halfpad tussen C en B. Plaas daarna die passer se punt op B en trek 'n ewe groot boog wat die eerste een kruis. Benoem die kruispunt F.



Stap 3
Trek 'n lyn deur F tot by E. Dit skep twee 45° hoeke (FEC en FEB).



2. Gee vyf alledaagse voorbeelde waar mens hoeke van 45° kry.

3. Maak 'n gelyksydige driehoek. Volg die stappe en maak jou driehoek hieronder.

Stap 1
Trek lyn AB



Stap 2
Plaas die passer se punt op A en maak dit oop sodat die potlood aan B raak. (Jy het dus die lengte van AB met die kompas "gemeet".)



Stap 3
Hou die passer se punt op A, teken 'n boog met die kompas rofweg waar jy dink die ander hoekpunt van die driehoek gaan wees. (Die afstand van A tot by hierdie punt gaan dieselfde as AB se lengte wees.



Stap 4
Sonder om jou passer te verander, beweeg nou die passer se punt na B en teken nog 'n boog wat die eerste een kruis. Noem dit C.



Stap 5
Aangesien die lengtes van AC en BC albei gelyk aan die lengte van AB is, het ons drie punte wat ewe ver van mekaar is. As ons hulle verbind, het ons dus 'n gelyksydige driehoek, met elke hoek gelyk aan 60°.



Tekene:
Datum:

vervolg

Maak hoeke en 'n driehoek vervolg

4. Maak 'n driehoek van jou keuse wat verskillend is van die vorige een.

5. Maak 'n 30°-hoek. Gebruik die riglyne hieronder.

Volg die stappe om 'n 60°-hoek te maak (soos in vraag 2). Halveer dit soos in vraag 1.



6. Hoe sal jy 'n hoek van 15° maak? Wys stapsgewys hoe jy dit doen.

7. Teken 'n driehoek met een 30°-hoek.

Probleemoplossing

Maak enige figuur met ten minste een hoek van 30° en een hoek van 45°.

Tekens

Datum:

49 Die som van die binnehoeke van enige driehoek is gelyk aan 180°

Hoe sal jy bewys dat die som van die binnehoeke van 'n driehoek gelyk is aan 180°? Gebruik papier en gom. Plak jou bewys hier.

1. Meet die binnehoeke van die driehoeke en tel hulle bymekaar. Wat let jy op?

a.



b.



c.



d.



e.



f.



2. Bepaal hoek x.

a.



b.



c.



d.



e.



f.



3. As die een hoek ____° is, wat kan die ander twee wees. Gee twee pare opsies.

a. 41				
b. 63				
c. 90				
d. 72				
e. 100				

Probleemoplossing

As een hoek van die driehoek gelyk is aan 32°, gee vyf pare moontlike antwoorde vir wat die ander hoeke kan wees.

Tekere

Datum:

50a Maak vierhoeke

Wat is 'n vierhoek? Jy kan die strokiesprent aan die einde van die werksblad lees.

1. Maak en benoem 'n vierhoek met 'n 90°-hoek ABC.

Watter soort vierhoek(e) is dit?

Stap 1: Gebruik 'n liniaal om 'n lyn te trek en benoem punt A op die lyn. Gebruik 'n passer wat op 6 cm gestel is om punt B te merk. 	**Stap 2:** Teken boë 1 cm aan elke kant van A. Doen dieselfde by punt B. 	**Stap 3:** Maak gebruik van die bogies om lyne loodreg op AB te konstrueer, een deur A en een deur B. Wanneer jy die bogies teken stel jou gradeboog op 6 cm. 
Stap 4: Etiketeer die kruising by punte D en C. Teken loodreg lyne vanaf A deur D en vanaf B deur C. 	**Stap 5:** Verbind punte D en C. 	**Stap 6:** Maak gebruik van jou gradeboog om te kyk of elk van die hoeke 90° is. 

Meet die hoeke van vierhoek ABCD met 'n gradeboog.

2. Gebruik 'n liniaal en 'n passer om 'n reghoek te maak met 'n lengte van ses sentimeter en 'n wydte van vier sentimeter.

Stap 1: Gebruik 'n liniaal om 'n lyn te trek en benoem punt A op die lyn. Gebruik 'n passer wat op 6 cm gestel is om punt B te merk. 	**Stap 2:** Teken boë 1 cm aan elke kant van A. Doen dieselfde by punt B. 	**Stap 3:** Gebruik die boë om lyne te maak wat loodreg met AB is, een deur A en een deur B. Stel jou passer op 4 cm. Plaas die passer se punt op A en merk en benoem D af op die loodregte lyn. Op dieselfde passerstelling, plaas die passer se punt op B en merk en benoem punt C af op die loodregte lyn. 	**Stap 4:** Verbind DC. 

Meet die hoeke van ABCD.

3. Gebruik 'n passer om die volgende te maak:

a. Vierkant met sye wat gelyk aan 4 cm is.

b. 'n Reghoek met sye gelyk aan 3,5 cm en 4,2 cm.

Probleemoplossing

Kan jy 'n vierhoek met net een hoek van 90° maak? Wys dit.

Tekene

Datum:

vervolg

Maak vierhoeke vervolg









Tekere

Datum:

Maak poligone

Wat is 'n poligoon?

DEFINISIE

'n Poligoon is 'n geslote tweedimensionele figuur wat gevorm word deur drie of meer lynsegmente wat nie oor mekaar kruis nie.



driehoek vierkant pentagoon heksagoon oktagoon

Poligone kan reëlmatig of onreëlmatig wees. Reëlmatig beteken dat 'n poligoon se sye almal gelyk is. Onreëlmatig beteken 'n poligoon se sye is nie gelyk nie.

1. Gebruik 'n liniaal en 'n passer om 'n heksagoon te maak.

Stap 1: Trek 'n sirkel om A. Meet die radius (straal) met 'n passer. 	**Stap 2:** Gebruik die passer om merke wat ewe ver van mekaar is op die omtrek te maak. 	**Stap 3:** Benoem en verbind die punte. 

2. Gebruik 'n liniaal en passer om 'n pentagoon op 'n aparte vel papier te maak.

Stap 1: Trek 'n sirkel om A met radius AB. Trek 'n lyn wat A en B verbind. 	**Stap 2:** Trek 'n sirkel om B met radius AB. Noem hulle kruispunte C en D. 
Stap 3: Trek 'n sirkel om D met radius DA. Trek 'n sirkel D wat met lyn CD by E kruis, A by F en B by G. 	**Stap 4:** Trek 'n reguit lyn van F na E. Trek 'n sirkel om B wat by H kruis en 'n lyn van G na E om sirkel A by I te sny. 
Stap 5: Teken 'n boog by I met radius IA. Trek 'n boog by H met radius HB. Boë I en H kruis by J. 	**Stap 6:** Al die punte A, B, I, H en J is hoekpunte van die pentagoon (vyfhoek). 

Probleemoplossing

Maak 'n poligoon wat anders is as die een in die werksblad.

Tekere

Datum:

Poligone

Die formule om die totaal van die binnehoeke van 'n poligoon te bereken is:

(aantal sye – 2) × 180°

Toon aan dat hierdie formule korrek is:

1. Voltooi die tabel.

Poligoon	Aantal sye	Hoekgrootte	Totale aantal hoeke

2. Wat is dit? Watter poligoon kan jy identifiseer?

a.

b.

3. Watter meetkundige figure sien jy?

a.

_____

b.

_____

4. Wat dink jy is dit?

_____

Watter vorms kom op hierdie voorwerp voor?

_____

5. Gebruik hierdie vloeidiagram om 'n aanbieding van 5 minute voor te berei.

Poligone

- **Driehoek**
  - reghoekige driehoek
  - ongelyksydige driehoek
  - gelykbenige driehoek
  - gelyksydige driehoek
- **Vierhoeke**
  - parallelogram
  - reghoek
  - vierkant
  - rombus
  - vlieër
  - trapesium
- **Vorms met meer as 4 sye**
  - pentagoon
  - heksagoon
  - heptagoon
  - oktagoon
  - nonagoon
  - dekagoon

6. Verdeel 'n vlieër in vier driehoeke en beskryf die driehoeke.



7. Verdeel 'n trapesium in driehoeke en beskryf die driehoeke.



8. Identifiseer en benoem dan die volgende poligone. Beskryf elke vierhoek.



Probleemoplossing

Watter veelhoekpatrone sal jy op 'n kameelperd kry? Beskryf hulle deur sye en hoeke te gebruik.
Watter vierhoeke het ten minste een paar parallelle lyne?

Tekene

Datum:

53 Meer van poligone

Hersiening: Hoe benoem jy 'n meetkundige figuur om te wys dat die sye dieselfde is?



Hoe benoem jy 'n meetkundige figuur om parallelle sye te wys?



Wat is 'n reëlmatige en 'n onreëlmatige poligoon?

1. Voltooi die volgende deur Knipselblad 1 te gebruik.

a. Identifiseer *IOGF*. Watter breuk van die vierkant ABCD is hierdie vorm? 	b. Identifiseer ΔABO en ΔADO en maak 'n vierkant. Watter breuk van die vierkant ABCD is hierdie vorm?	c. Identifiseer ΔHGO en ΔDIF en maak 'n vierkant. Watter breuk van die vierkant ABCD is hierdie vorm?
d. Watter vorm kan jy maak uit ΔHGO, ΔDIF, en ΔECF? Watter breuk van die vierkant ABCD is hierdie vorm?	e. Watter vorm kan jy maak uit ΔHGO, ΔDIF en HBEG? Watter breuk van die vierkant ABCD is hierdie vorm?	f. Watter vorm kan jy maak uit ΔHGO, ΔDIF, ΔABO, HBEG en IOGF?

2. Kyk na die vorms op die volgende blad.

a. Wat is die verskille en ooreenkomste tussen die vierhoeke en ander veelhoeke?

b. Noem elke poligoon.

c. Benoem die gelyke en parallelle sye op elke poligoon.



3. Sê of die volgende vorms poligone (veelhoeke) is of nie. Gee redes vir jou antwoord.



Probleemoplossing

Noem die eerste tien poligone. Probeer om 'n alledaagse voorbeeld van elk te gee.

Tekere

Datum:

54 Soortgelyke driehoeke

Wat is gelykvormig?
Gelyksoortige driehoeke het die volgende eienskappe:
- Hulle het dieselfde vorm maar nie dieselfde grootte nie.
- Elke ooreenstemmende paar hoeke is gelyk.
- Die verhouding van enige paar ooreenstemmende sye is dieselfde.

Hierdie driehoeke is gelykvormig of soortgelyk.

Ons kan sê of twee driehoeke soortgelyk is sonder om al die sye en al die hoeke van die twee driehoeke te toets. Daar is twee reëls om te toets of driehoeke dieselfde is. Hulle word die HH-reël en die RHR-reël genoem. Solank een van die reëls geld, sal die twee driehoeke dieselfde wees.

1. Bespreek hierdie reëls.

HH-reël (Hoek Hoek)
As twee hoeke van 'n driehoek gelyk is aan twee hoeke van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke soortgelyk.

a. Gegee die volgende driehoeke, bepaal die lengte van a.



Oplossing:

Stap 1: Die driehoeke is gelykvormig weens die HH-reël.

Stap 2: Die verhoudings van die lengtes is gelyk. $\frac{6}{2} = \frac{9}{a}$

Stap 3: Maak gebruik van kruisvermenigvuldiging om die onbekende waarde te kry.

$\frac{6}{2} = \frac{9}{a}$ of $\frac{6}{2} \times 2a = \frac{9}{a} \times 2a$

$6a = 18$ $\therefore 6a = 18$

$a = 3$ $a = 3$

'n Verhouding wys die relatiewe sye van twee of meer waardes. Voorbeeld: 2:3

RHR-reël (Ratio Hoek Ratio)
As die hoek van een driehoek dieselfde is as die hoek van 'n ander driehoek en die sye waar hierdie hoeke is, is in dieselfde **verhouding** dan is die driehoeke gelykvormig.



b. Gegee die volgende driehoeke, bepaal die lengte van a.

Oplossing:

Stap 1: Die driehoeke is gelykvormig weens die RHR-reël.

Stap 2: Die verhoudings van die lengtes is gelyk.

Stap 3: Die lengte van a is 3.

2. Kry die lengte van a. Gee die reël wat jy gebruik.

a.



a = _____

b.



a = _____

c.



a = _____

d.



a = _____

Probleemoplossing

Beskryf hoe jy die vermiste hoek of sy van 'n driehoek wat gelykvormig aan 'n ander is, sal kry.

Tekere

Datum:

55a Kongruente driehoeke

Kongruente driehoeke is driehoeke wat dieselfde grootte en vorm het. Dit beteken die ooreenstemmende sye gelyk is en die ooreenstemmende hoeke is gelyk.



- Die ooreenstemmende sye is: AC en DF, AB en DE en CB en FE.
- Die ooreenstemmende hoeke is: y en t, x en s, z en u.

Daar is vier reëls om te toets vir kongruente driehoeke. Hulle word die SSS-reël, SHS-reël, HSH-reël en die HHS-reël genoem.

1. Bespreek die volgende en teken:

SSS-reël (Sy Sy Sy)

As drie sye van een driehoek gelyk is aan drie sye van 'n ander driehoek dan is die driehoeke kongruent.



a. Teken kongruente driehoeke deur die SSS-reël te gebruik. Dui die lengte van die driehoeke se sye aan.

SHS-reël (Sy Hoek Sy)

As twee sye en die ingeslote hoek van een driehoek gelyk is aan twee sye en die ingeslote hoek van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.



b. Teken kongruente driehoeke deur die SHS reël te gebruik. Dui die lengte van die driehoek se sye aan.

HSH-reël (Hoek Sy Hoek)

As twee hoeke en die ingeslote sy van een driehoek gelyk is aan twee hoeke en die ingeslote sy van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.



Tekene:

Datum:

vervolg

Kongruente driehoeke vervolg

c. Teken kongruente driehoeke deur die HSH-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoek aan.

HHS-reël (Hoek Sy Hoek)

As twee hoeke en 'n nie-ingeslote sy van een driehoek gelyk is aan twee hoeke en 'n nie-ingeslote sy van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent. Let daarop dat ons ook SHH kan sê.



d. Teken kongruente driehoeke deur die HHS-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoeke aan.

2. Watter van die volgende voorwaardes sal voldoende wees vir bogenoemde driehoeke om kongruent te wees? Gee 'n verduideliking vir elk.



a. a=e, x=u, c=f

b. a=e, y=s, z=t

c. x=u, y=t, z=s

d. a=f, y=t, z=s

Probleemoplossing

Waar in die alledaagse lewe sal ons kongruente driehoeke kry?

Tekere

Datum:

56 Soortgelyke-driehoekprobleme

Wat is die verhouding tussen die sye van hierdie driehoeke? Jy het dalk 'n sakrekenaar nodig. Maak die ooreenstemmende sye dieselfde kleur.



1. Los x op.

Voorbeeld:



$\Delta ABC \sim \Delta DEF$

~ beteken gelykvormig

Ons weet dat die verhouding van ooreenstemmende sye gelyk is.

$$\frac{AB}{DE} = \frac{BC}{EF} = \frac{AC}{DF}$$

$$\frac{x}{100} = \frac{200}{100}$$

Ons het net twee pare sye nodig om x te bereken.

Ons doen kruisvermenigvuldiging.

$100x = 20\,000$

$x = 200$

a.



b.



2. 'n Verkeerslig het 'n skadu wat 450 cm lank is. Ben is 200 cm lank en sy skadu is 100 cm lank. Hoe hoog is die verkeerslig? Jou vriend gee vir jou sy twee tekeninge om jou te help. Hy verduidelik dit en gee jou 'n paar onvolledige aantekeninge. Voltooi dit.

Teken die verkeerslig en Ben.



Teken soortgelyke driehoeke langs hulle.



Benoem die driehoeke

$\Delta ABC \sim \Delta DEF$

Die simbool ~ beteken soortgelyk.

Ons kan dus sê:

$$\frac{AB}{DE} = ____ = \frac{AC}{DF}$$

$$\frac{BC}{EF} = ____ \qquad \frac{AB}{EF} = \frac{AB}{200}$$

Ons doen kruisvermenigvuldiging.

_____

_____

_____

Probleemoplossing

Skryf jou eie probleem – gebruik 'gelyksoortigheid van driehoeke' om dit op te los.

Tekere

Datum:

Vierhoeke, driehoeke en hoeke

Noem die vierhoeke, driehoeke en hoeke.



1. Verken hierdie stel van drie hoeke elk.

a. Wat het hulle gemeen? Wat kan elke stel hoeke verteenwoordig?
(30°, 120°, 30°); (50°, 80°, 50°); (55°, 70°, 55°); (20°, 140°, 20°); (70°, 40°, 70°)

b. Teken, etiketteer en noem die meetkundige figure.

2. Verken hierdie stel van vier hoeke elk.

a. Wat het hulle gemeen? Wat kan elke stel hoeke verteenwoordig?
(90°, 90°, 90°, 90°); (120°, 60°, 120°, 60°); (135°, 62°, 47°, 116°); (71°, 130°, 109°, 50°).

b. Teken, etiketteer en noem die meetkundige figure.

3. Een van die binnehoeke van 'n driehoek is 60°. Die grootste hoek in die driehoek is twee keer so groot as die kleinste. Wat is die twee ander hoekgroottes van hierdie driehoek? Maak 'n tekening.

4. Twee teenoorgestelde hoeke van 'n vierhoek is 110° elk. Hoe lank sal die ander twee hoeke wees?

5. 'n Vierhoek met twee pare gelyke sye en vier gelyke hoeke word verdeel in twee kongruente driehoeke. Wat is die moontlike groottes van die driehoek se hoeke? Verduidelik en maak 'n tekening.

6. Identifiseer al die driehoeke en vierhoeke in hierdie net.

Watter ander poligone (veelhoeke) kan jy identifiseer?

7. Watter vorm sal die sterkste wees? Verduidelik.



Waar word die sterkste vorm dikwels gebruik?

Hierdie word vakwerkbrûe genoem.



Probleemoplossing

Soek 'n struktuur in jou omgewing wat uit driehoeke en vierhoeke gemaak is. Teken en beskryf dit.

Tekenr:

Datum:

Poligone en vierhoeke

Kyk na hierdie vierhoeke en benoem hulle. Verdeel elkeen om twee driehoeke te vorm. Noem die driehoeke.



1. Kyk na hierdie foto.



a. Watter vierhoek vorm die balke? _____

b. Wat sal die totaal van die binnehoeke wees? Bereken dit sonder om 'n gradeboog te gebruik. _____

c. Identifiseer die driehoeke. _____

d. Wat sal die totaal van die hoeke wees? _____

e. Wat let jy op oor die lengte van die sye? _____

2. Die onderste ry van die struktuur in die foto bestaan uit vierkante wat in driehoeke verdeel is. Die sye van die vierkante is gelyk, en die sye van die driehoeke is gelyk. Beantwoord nou hierdie vrae.

a. Wat van die diagonale – is hulle dieselfde lengte as elke sy van die vier driehoeke?

_____

b. Is die diagonale dieselfde lengte as die vierkant se sye? Kontroleer dit.

_____

c. Hoekom gebruik ons driehoeke en diagonale in strukture? _____

_____

3. Kyk na die meetkundige figure op hierdie gebreide hoede.

a. Identifiseer die driehoeke op hierdie hoede.

b. Identifiseer die vierhoeke op hierdie hoede.

c. Moenie die hoeke met 'n gradeboog meet om die vraag te beantwoord nie. Watter groottes is die hoeke? Maak tekeninge om jou antwoord te staaf.

4. Verdeel:

a. 'n Gelyksydige driehoek in vier gelyksydige driehoeke

b. 'n Heksagoon in driehoeke

Probleemoplossing

Wys sommige van hierdie tekeninge aan lede in jou familie. Vra hulle watter vorms hulle in elkeen kan sien.

Tekene

Datum:

59 Diagonale

Wat is 'n diagonaal?



DEFINISIE

'n Diagonaal is 'n reguit lyn binne 'n vorm wat getrek is tussen twee hoekpunte wat nie teen mekaar lê nie.

Ons kan dus sê dat as jy twee hoekpunte van 'n poligoon wat nie reeds aan een sy verbind is nie verbind, 'n mens 'n diagonaal het.

1. Identifiseer die vierhoeke op die breiwerk. Dan, in ooreenstemming met die definisie, identifiseer die diagonale van hierdie vierhoeke.

2. Kyk weer na Werksblad 58.

a. Teken al die vierhoeke en driehoeke in Werksblad 58.

b. Teken soveel diagonale lyne op hulle as wat jy kan.

c. Wat let jy op?

3. Teken 'n trapesium en teken twee diagonale in.

(Jy kan die trapesium opsny in driehoeke, om jou te help om die antwoord te kry.)

4. Voltooi die tabel.

Vorm	Aantal sye	Aantal diagonale	Verskil tussen getalle van diagonale
Driehoek	3	0	} 2
Vierhoek	4		} 1
Pentagoon	5		}
Heksagoon			}
Heptagoon			}
Oktagoon			}
Nonagoon			}
Dekagoon			}

'n Vierhoek bestaan uit twee meer diagonale as 'n driehoek.

Hierdie templaat sal jou help.



Probleemoplossing

Soek vyf patrone in jou onmiddellike omgewing wat diagonale is.

Tekere

Datum:

Kwartaal 2

Vierhoeke, hoeke en diagramme

Doen die volgende praktiese aktiwiteite in pare.

Teken enige driehoek (soos △ABC) op papier en knip dit uit. Kry die middel van AB en van AC, teken 'n lyn wat die twee verbind. Noem dit XY.	
Vou hoekpunt A oor die XY-lyn sodat hoekpunt A net-net aan BC raak.	
Vou B en C oor soos aangetoon.	

Hoeke A,B en C pas saam op die onderste rand van die papier (reguit lyn). Dus is die som van ∠A, ∠B en ∠C 180°

Vou 'n reghoekige driehoek soos aangetoon in die diagramme.



Wat is die som van die groottes van die skerphoeke van die reghoekige driehoek?

1. Wat let jy op?

Kyk na die tekeninge hierbo en beantwoord die volgende vrae:

a. Watter meetkundige (geometriese) figuur is gevorm nadat die driehoeke gevou is?

b. Watter meetkundige figuur is gevorm deur die som van die drie hoeke van die driehoek?

c. Watter soort driehoek word in Praktiese Aktiwiteit A aangetoon?

d. Dink jy die papiervou-eksperiment sal ewe goed werk vir 'n stomp driehoek?

e. Voer dieselfde eksperiment uit deur 'n stomp driehoek uit papier te sny. Was jou voorspelling reg?

f. Wys dat die hoeke van 'n vierhoek altesaam 360° is. Gebruik die inleiding om jou te lei.

vervolg ☛

Vierhoeke, hoeke en diagramme

vervolg

2. In hierdie aktiwiteit gaan jy werk met hoeksomverhoudings. Bepaal die grootte van hoek A in elke driehoek hieronder.

a.



b.



c.



d.



e.



f.



g.



h.



i.



3. Beantwoord hierdie vrae.

a. 'n Gelykbenige driehoek het twee hoeke wat elk 40° is. Wat is die grootte van die derde hoek?

b. Bepaal die grootte van die derde hoek van 'n driehoek as die groottes van die ander twee hoeke 110° en 38° is.

c. Bepaal die grootte van die vierde hoek van 'n vierhoek as die ander drie hoeke 80°, 79° en 120° is.

d. Een van die skerphoeke van 'n reghoekige driehoek is 39°. Bepaal die grootte van die ander skerphoek.

e. 'n Stomphoek van 'n gelykbenige driehoek is 110°. Bepaal die grootte van een van die skerphoeke.

Probleemoplossing

a. As ek twee diagonale lyne op 'n vierkant teken, wat sal die grootte van die hoeke van elke driehoek wees?

b. As ek twee diagonale lyne op 'n parallelogram teken, het een van die driehoeke hoekgroottes van 27°, 27° en 126°. Wat is die groottes van die ander driehoeke? Maak 'n skets om jou antwoord te wys.

61 Parallelle en loodregte lyne

Parallelle lyne is altyd ewe ver van mekaar af en kruis nooit. Ons noem dit ewewydig. Maak 'n skets.

Loodregte lyne is lyne teen regte hoeke (90°) tot mekaar. Maak 'n skets.

Die rooi lyne is transversale lyne (dwarslyne of snylyne). Beskryf hulle.



'n **Transversaal (dwarslyn of snylyn)** is 'n reguit lyn wat twee of meer lyne deurkruis.

1. Beklemtoon die parallelle lyne in hierdie prentjies.



Kyk na wat jy beklemtoon het en skryf jou eie definisie vir parallelle lyne.

2. Identifiseer die parallelle en loodregte lyne in hierdie foto's.
Waarvan is elkeen 'n foto?

3. Teken twee parallelle lyne met 'n lyn wat hulle deurkruis. Nommer die hoeke.

Meet die hoeke.

4. Beantwoord die vrae op die volgende diagramme.



a. Noem 'n paar parallelle lyne.

b. Hoe weet ons hulle is parallel?

c. Noem 'n transversaal.

d. Meet die hoeke waar die transversaal (dwarslyn of snylyn) die ander lyne kruis.

Probleemoplossing

Kry 'n prentjie van 'n gebou en identifiseer al die loodregte en parallelle lyne.

Hoekpare

Wanneer parallelle lyne deur 'n ander lyn ('n transversaal [dwarslyn of snylyn]) gekruis word, is daar 'n algemene patroon in die hoeke om die kruispunt. Hoekom lyk baie hoeke dieselfde in hierdie diagram?



Hierdie hoeke vorm hoekpare met spesiale name.

1a. Identifiseer die pare van vertikaal regoorstaande hoeke.

(Dui dit aan met gekleurde potlode of simbole.)

i. 

ii. 

b. Identifiseer die pare van ooreenstemmende hoeke.

i. 

ii.

c. Identifiseer die verwisselende hoek.

i. 

ii.

d. Identifiseer al die hoeke wat gelyk sal wees aan die een wat gemerk is.

i. 

ii. 

Gebruik die inligting hieronder om jou te help.



Parallelle lyne

Transversaal (dwarslyn of snylyn)

Vertikaal regoorstaande hoeke:
a = d; b = c; e = h; f = g

Ooreenkomstige hoeke:
a = e; b = f; c = g; d = h

Alternatiewe binnehoeke
c = f; d = e

Alternatiewe buitehoeke
a = h; b = g

Opeenvolgende binnehoeke (ook benoem **ko-**binnehoeke)
c + e = d + f = 180°

2. Verduidelik wat jy in die diagram sien deur net woorde te gebruik, nie enige berekeninge nie. Hoe sal jy elke hoek uitwerk, as net hoek 1 gegee is?



Probleemoplossing

Kry 'n prentjie en identifiseer alternatiewe en ooreenstemmende hoeke.